

DIE ORTOGRAFIE EN KLANKSTELSEL VAN

KWANYAMA EN NDONGA

deur

WILLEM JOHANNES HENDRIK JACOBUS JANSE VAN VUUREN, HONNS.B.A.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE
AAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

Studieleier : Mnr.C.J.H.Krüger

Windhoek.

Desember 1966.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

INLEIDING

	<u>Bladsy</u>
1. Bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika . . .	1
2. Die Ovambo en sy tuisland	3
3. Doel van hierdie studie	7

HOOFSTUK II

HISTORIES-LINGUISTIESE ONTWIKKELING VAN DIE ORTOGRAFIEë VAN KWANYAMA EN NDONGA

1. Die rol van die Sending	12
A. NDONGA:	
Die Finse Sending in Ondonga	14
Eerste pogings om die taal te skryf . .	14
B. KWANYAMA:	
(i) Die Rynse Sending in Oukwanyama .	22
Eerste literatuur	22
(ii) Die Finse Sending in Oukwanyama .	23
Literatuur	23
(iii) Die Anglikaanse Sending in	
Oukwanyama	24
Literatuur	24
2. Sendingortografieë	29

HOOFSTUK IIIKLANKSTELSELBladsy

1. Vokale	42
2. Konsonante	52
(a) Eksplosiewe	53
(b) Frikatiewe	58
(c) Laterale	65
(d) Nasale	66
(e) Affrikate	74
(f) Halfvokale	76
3. Diakritiese tekens	85
4. Voorgestelde praktiese ortografie . . .	87

HOOFSTUK IVMORFONOLOGIE

1. Die begrip Morfonologie	94
2. Morfeem- en lettergreepstruktuur	95
3. Morfonologiese prosesse	100
A. Palatalisasie	102
B. Nasalering	105
C. Assimilasie	111
D. Labialisering	118
E. Samesmelting en Sametrekking	121
F. Elisie	125
G. Devokalisering	130
H. Dissimilasie	140

BYLAAG

Bronnelys	<u>Bladsy</u> 143
---------------------	----------------------

TABELLE

<u>Tabel</u>	<u>Beskrywing</u>	
I	Etniese samestelling van die bevolking	2
II	Numerieke verhouding van Ovambo-volke	5
III	Skoolbywoning	13
IV	Verskillende Ndonga-ortografieë	20
V	Verskillende Kwanyama-ortografieë	25
VI	Hooftgrytings in die huidige ortografieë van Kwanyama en Ndonga, sowel as dié van die Bybel-vertalings	27
VII	Glyklank : <u>aa</u> -klas	83
VIII	Glyklank : <u>e</u> -, <u>oma</u> -klas	83
IX	Voorgestelde ortografie	88
X	Verlenging van vokaalfoneme : <u>omu</u> -persoonsklas	133

FIGURE

<u>Figuur</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Bladsy</u>
1	Suidwes-Afrika : Tuislandgebiede . .	Teenoor 2
2	Ovamboland : Stamgebiede	Teenoor 4
3	Vokaalkaart van Kwanyama en Ndonga .	42
4	Konsonantkaart van Kwanyama . . .	52
5	Konsonantkaart van Ndonga	53

AFKORTINGS


Kw.	=	Kwanyama
Nd.	=	Ndonga
Her.	=	Herero
B.	=	Oer-Bantoe

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. BEVOLKINGSGROEPE VAN SUIDWES-AFRIKA

Kenmerkend van die bevolking van Suidwes-Afrika is sy etniese verskeidenheid. Benewens die blankes word die volgende nie-blanke groepe onderskei : Namas, Boesmans, Damaras, Kleurlinge, Basters en die Bantoevolke, nl. Herero's, Ovambo's, Okavango's, Kaokovelders en die Oos-Capriviane. Ander kleinere groepe sluit onder meer 'n aantal Tswanas in. Deur die jare heen was dit die strewe van elk van hierdie groepe om homself in hierdie heterogene gemeenskap te handhaaf en elkeen kon daarin slaag om 'n eie identiteit te behou. Besonder interessant is die numerieke verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe.



TABEL I

ETNIESE SAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING ¹⁾

<u>Etniese groep</u>	<u>Getal</u>	<u>Persentasie van bevolking</u>
Boesmans	11,762	2.24
Damaras ²⁾	44,353	8.43
Namas	34,806	6.62
Basters (Rehoboth)	11,257	2.14
Kleurlinge	12,708	2.42
Blankes	73,464	13.97
Herero's	35,354	6.72
Kaokovelders	9,234	1.75
Ovambo's ³⁾	239,363	45.50
Okavango's ³⁾	27,871	5.30
Oos-Capriviane	9,992	1.90
TOTAAL	526,004	100.00

3/.....

1) Volgens die Suid-Afrikaanse Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria (1960).

2) Ook bekend as Dama/Bergdama(ras)/Klipkaffers.

3) Gebruiklike kollektiewe benaming vir die verskillende stamme woonagtig in Ovamboland en die Okavango-gebied onderskeidelik.


Administratief word Suidwes-Afrika verdeel in 'n Noordelike en Suidelike Sektor. Die Noordelike Sektor sluit die gebied in wat volgens paragraaf (a) in sub-artikel (1) van artikel III van die Verbode Gebiede Proklamasie van 1928 (Proklamasie No. 26 van 1928) ten ooste, noorde en weste deur die oostelike, noordelike en westelike grense van die Gebied Suidwes-Afrika begrens is, terwyl dit ten suide begrens is deur die lyn bekend as die „Polisiesone” - voorheen die „Rooi lyn”. Die Suidelike Sektor sluit die res van die Gebied in. Die Rooi lyn versinnebeeld die eindpunt van blanke nedersetting, en die gebied benoorde hierdie lyn kan slegs met spesiale verlof van 'n Bantoesakekommissaris deur die gewone blanke publiek binnegegaan word. Die naam "Polisiesone" vir die Suidelike Sektor is ontleen aan die feit dat geregsdienaars in die verlede slegs suid van die Rooi lyn gestasioneer was.

2. DIE OVAMBO EN SY TUISLAND

Soos blyk uit Tabel I is die Ovambo die grootste inboorlingvolk in Suidwes-Afrika (239,363) en die noordelike gedeelte van die land - tussen die Kaokoveld in die weste en die Okavangogebied in die ooste - is al vir eeue die tuiste van dié kleurryke volk met sy tradisieryke verlede.

In die noorde van Suidwes-Afrika, ongeveer 60 myl noord van Tsumeb, is die suidoostelike hoek van Ovamboland. Hiervandaan loop die oostelike grens 75 myl reg noord om daar die noordelike grens, wat 235 myl pylreguit in 'n westelike rigting tot by die Kunenerivier loop, te ontmoet. Dan 80 myl suidsuidoos tot by die suidgrens wat ook 'n reguitlyn van wes na oos oor 'n afstand van 196 myl is.

FIG. II



Van die totale oppervlakte van die bestaande drie en twintig inboorlinggebiede in Suidwes-Afrika, nl. 79,708 vk. myl, beslaan die tuisland van die Ovambo's 16,220 vk. myl (ongeveer een twintigste van Suidwes-Afrika). In vergelyking met 'n totale bevolkingsdigtheid van 1.65 per vk. myl vir die hele Suidwes-Afrika is die syfer vir Ovamboland 14.27 ¹⁾. Behalwe dié van stedelike konsentrasie is die konsentrasie van bevolking in Ovamboland die hoogste in Suidwes-Afrika.

Geleë buite die Polisiesone, word Ovamboland geadministreer deur Bantoesakekommissaris en assistent-kommissaris, aangestel deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

Die naam „Ovambo”²⁾ is 'n kollektiewe benaming vir die agt stamme wat elk 'n eie gebied in Ovamboland bewoon - agt afsonderlike maar verwante volke, elk met 'n eie woongebied. Hierdie stamme is die volgende:

Oukwanyama, Ondonga, Uukwambi, Ongandjera, Ombalantu, Uukwaluudhi, Uukolonkadhi en Eunda.

Vanweë hulle geringe getalle word die laasgenoemde twee volke meestal as een beskou. Nie alleen bewoon hierdie agt stamme elk sy eie stamgebied nie, maar elkeen praat ook sy eie taal, wat as onderskeibare dialekte van

5/.....

1) Getalle volgens jaarverslag van die Hoofbantoesakekommissaris van Suidwes-Afrika (1960) en volgens die Suid-Afrikaanse Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria (1960).

2) In die omgang en in literatuur word gewoonlik na die volk verwys as die „Ovambo”, wat taalkundig nie korrek is nie; ekv. Omuwambo, mv. Ovawambo(Kw.)/Aawambo(Nd.).

Oshiwambo gesien kan word. Die belangrikste twee dialekte, nl. Kwanyama en Ndonga, beklee dié posisie op grond van getalsmeerderheid, en die dialektiese verskil tussen hierdie twee hoofgroepe is van so 'n geringe aard dat die een die ander sonder veel moeite verstaan.

Die numerieke verhouding tussen hierdie stamme of volke is soos volg:

TABEL II

NUMERIEKE VERHOUDING VAN OVAMBOVOLKE ¹⁾

<u>Volk of stam</u>	<u>Getal</u>	<u>Persentasie van groep</u>
Kwanyama ²⁾	87,511	36.56
Ndonga	68,601	28.66
Kwambi	28,341	11.84
Ngandjera	18,527	7.74
Mbalantu	17,665	7.38
Kwaluudhi	12,040	5.03
Kolonkadhi/Eunda	6,678	2.79
TOTAAL	239,363	100.00 6/.....

1) Volgens die Suid-Afrikaanse Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria (1960) en aanvullende gegewens verstrek deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

2) In hierdie studie sal deurgaans slegs verwys word na die Ndonga en Kwanyama sonder die prefiks; ook na die tale as Ndonga en Kwanyama i.p.v. Oshindonga en Oshikwanyama.

Ook in Suidwes-Afrika het gedurende die afgelope dekades 'n begeerte by die Bantoe in die reservate ontstaan om doeltreffender in sy eie materiële behoeftes te voorsien. Dit kon hy in 'n groot mate bereik deur sy arbeid aan die blanke binne die Polisiezone te verkoop. Nou samehangend hiermee is die ontwikkeling van Suidwes-Afrika met 'n gevolglik groeiende behoefte ook aan natuurlike arbeid. Daarom word grootskaalse streng gekontroleerde arbeidswerwing in die drie noordelike Bantoegebiede, t.w. Kaokoveld, Ovamboland en Okavango, uitgeoefen. Die meeste rekrute is afkomstig uit Ovamboland, met die gevolg dat die Ovambotaal nie slegs binne die reservaat gepraat word nie, maar oral in Suidwes-Afrika waar sulke Ovambo's as kontrakarbeiders werksaam is.

3. DOEL VAN HIERDIE STUDIE

Die doel van hierdie studie hang nou saam met die gebreke en tekortkominge in en besware teen die bestaande skryfwyses van Kwanyama en Ndonga ¹⁾. Die uiteenloopenheid van skryfwyses as gevolg van die gebrek aan 'n amptelike ortografie - waardeur veral publikasies gestrem word - noodsaak 'n deeglike ondersoek na die betrokke aangeleentheid. Hieruit sal dan kan voortspruit die formulering van 'n algemeen-aanvaarbare ortografie, gefundeer op gesonde taalkundige en pedagogiese beginsels. Maar aangesien konserwatisme en die gevestigde taaltradisie so 'n belangrike plek in 'n volkslewe inneem - ook by die Ovambo - sal so 'n ortografie vir 'n groot deel 'n kompromis wees tussen die suiwer wetenskaplike beginsels en die praktyk, die tradisie, eerder as 'n strewe na rewolusionêre of ingrypende veranderinge in die bestaande skryfwyses van Kwanyama en Ndonga.

Hierdie studie is in baie opsigte slegs verkennend - daarom dat daar nie altyd in besonderhede op die verskillende aspekte daarvan ingegaan word nie. Die ondersoek is hoofsaaklik gedoen in die betrokke stamgebiede in Ovamboland en informante is so gekies dat hulle verteenwoordigend sou wees van al die volkslae. Etlike vraelyste is opgestel en talle bandopnames van verskillende uitsprake is gemaak. Deur ontleding daarvan is die fone en foneme van die tale vasgestel en kon daar, met inagneming van die bestaande skryfwyses, voorstelle vir 'n eenvormige en praktiese ortografie geformuleer word.

8/.....

1) In Hoofstuk II word verwys na leemtes.

Opmerking:

Die tale van die Ovambovolke is naverwant aan mekaar en behoort tot die Bantoetaalfamilie. Onderling is die tale ook verstaanbaar. Danksy die onvermoeide aktiwiteite van verskeie sendinggenootskappe ¹⁾ is die taal van die Kwanyama, en veral dié van die Ndonga, tot skryftale ontwikkel. Volgens die aanbevelings van twee kommissies van ondersoek ²⁾ moet hierdie twee tale ook ontwikkel word tot waardige skool- en kultuurtale. Dié besondere twee tale geniet voorrang hoofsaaklik op grond van die aktiwiteite van die Sending, wat op sy beurt weer toe te skryf is aan getalsmeerderheid ³⁾.

'n Besonder lae peil van ontwikkeling van dié tale is tot op datum bereik, met die gevolg dat die implementering van moedertaalonderrig in skole, soos tans die geval is in alle primêre skole van die Departement van Bantoe-onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, op hierdie stadium nog 'n onbegonne taak is. Die ortografie- en literatuurprobleem bring mee dat die moedertaal as medium van onderrig in die Suidelike Sektor slegs gebruik word in Sub.A en B terwyl dit in St.I en II gedeeltelik die moedertaal en gedeeltelik Afrikaans

9/.....

-
- 1) In Hoofstuk II word verwys na die rol van die Sending.
 - 2) Die „Kommissie van ondersoek na nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, 1958“, hierna genoem die Kommissie van 1958, en die „Kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1962-63“, hierna genoem die Kommissie van 1962.
 - 3) Vgl. Tabel II, p.5.

of Engels is. Vanaf St.III is die voertaal Afrikaans of Engels. In die Noordelike Sektor word die moedertaal as medium tot St.II gebruik terwyl Afrikaans of Engels vanaf St.III gebruik word. Dit moet noodwendig stremmend inwerk op die algemene vordering van leerlinge as hulle reeds vanaf St.I, of selfs St.II, in 'n vreemde medium onderrig ontvang.

Wetenskaplik is die taal van die Ovambo nog slegs deur enkelinge bestudeer, dog van intensiewe navorsing en doelbewuste pogings tot die daarstelling van werke oor die taal wat gebaseer is op wetenskaplike grond, is daar weinig sprake. Oor Kwanyama en Ndonga bestaan daar slegs enkele noemenswaardige werke ¹⁾. Dit sluit nie woordeboeke in nie.

Omdat die tale van die agt Ovambostamme naverwant aan mekaar is, is pogings reeds van die kant van individue onder die jonger geslag aangewend om 'n lingua franca

10/.....

-
- 1) Tönjes, H. : Lehrbuch der Ovambo-Sprache Osikuanjama (Lehrbücher des Seminars für Orientalische Sprachen in Berlin, Bd. 24). Reimer, Berlin, 1910.

Brincker, P.H. : Grammatik des Oshikuanjama in Verbindung mit Oshindonga und mit gelegentlicher Vergleichung des Otjiherero (Lehrbücher des Seminars für Orientalische Sprachen in Berlin, Bd. 8). Spemann, Berlin, 1891.

Tirronen, T.E. : Phonology of Ndonga (Mitteilungen des Instituts für Orientforschung, Bd. 6, Tl.3). Berlin, 1958.

Seidel, A. : Grammatik des Oshindonga (Praktische Grammatiken der Hauptsprachen Deutsch-Südwestafrikas, Nama, Otjiherero, Oshindonga, Tl. 3). Leipzig, 1892.

Savola, A. : Ošindongan Kielioppi. Helsinki, 1908.
'n Verouderde en onvolledige grammatika in Fins.

vir Ovamboland te skep, dog sonder sukses. Die taal van die Ombalantu sou hiervoor gebruik word. Die rede daarvoor is dat dit die taal is wat 'n redelike neutrale posisie tussen die twee hooftale, Kwanyama en Ndonga, inneem. Nou verwant aan Ndonga is die tale van die Kwambi, Ngandjera en Kwaluudhi, terwyl Eunda en Kolonkadhi, en in 'n groter mate Evale, Ombadja en Okafima van Angola, ooreenkoms met Kwanyama vertoon. 'n Lingua franca vir so 'n klein bevolkingsgroep sou ideaal wees, dog daar is faktore soos konserwatisme en stamtrots waarmee rekening gehou moet word en wat om begryplike redes wil verseker dat elkeen op dié wyse sy identiteit as volksgroep behou. Ook die feit dat drie van die tale, nl. Kwanyama, Ndonga en Kwambi reeds deur die sendinggenootskappe vir godsdienstdoeleindes tot skryftale verhef is ¹⁾, skakel die moontlikheid van 'n gemeenskaplike taal uit.

Wat die ortografie van Kwanyama en Ndonga betref, het die Rynse en Finse sendinggenootskappe tot dusver die toon aangegee, en soos in die Republiek van Suid-Afrika ook maar die geval was met die verskillende sendingortografieë, is ook hier geen koördinasie nie.

Dit is in die verlede onteenseglik bewys dat by die invoering van 'n nuwe skryfwyse die implementering daarvan in die skool is. Derhalwe is die uitgangspunt in hierdie ondersoek 'n geskikte ortografie vir skoolgebruik.

11/.....

1) Die Bybel in Ndonga en die Nuwe Testament en die Psalmes in Kwanyama en Kwambi bestaan reeds in druk.

Lees en skryf by 'n onontwikkelde volk begin in die skool. Daarna volg 'n natuurlike reaksie by die ouer geslag. Die wenslikheid daarvan om die volk self te ken in 'n aangeleentheid soos 'n voorgestelde nuwe ortografie kan nie oorbeklemtoon word nie. Daarom is die voorgestelde ortografie van Kwanyama en Ndonga - net soos in die geval van die finalisering van die onderskeie ortografieë deur die Departement van Bantoe-onderwys in die Republiek van Suid-Afrika - ook aan taalkomitees voorgelê vir kennisname en kommentaar.

Namate die getal Ovambo's wat hulle moedertaal kan lees en skryf, asook die publikasie van boeke, tydskrifte en koerante toeneem, word die noodsaaklikheid van die daarstelling van 'n behoorlike en leesbare skryfwyse vir die taal, veral waar daar gebreke in en twyfel oor die bestaande skryfwyses is, steeds dringender.

HOOFSTUK II

HISTORIES-LINGUISTIESE ONTWIKKELING

VAN DIE

ORTOGRAFIEE¹¹ VAN KWANYAMA EN NDONGA

1. DIE ROL VAN DIE SENDING

Terwyl die Londense en Wesleyaanse Kerke reeds sedert 1805 in die Suidelike Sektor van Suidwes-Afrika sendingwerk gedoen het, kon die Noordelike Sektor eers so laat as 1870 die voordele van sendingwerk geniet. Die dienste wat op onderwysgebied vir die onderskeie inboorling-taalgroepe verskaf is, was aanvanklik van baie geringe omvang en meer toegespits op sendingdoeleindes. Alhoewel die dienste van die sendinggenootskappe op die gebied van onderwys lofwaardig was, is slegs 'n klein persentasie van die bevolking werklik geraak, en teen 1922 - 24 het slegs sowat 15% van die moontlike skoolbevolking van die hele Suidwes-Afrika skoolonderrig ontvang.

Wat die praktiese uitvoering van onderwysdienste vir inboorlinge in die Gebied betref, is gebruik gemaak van die dienste van verskillende sendinggenootskappe, wat ook subsidies van die Administrasie van Suidwes-Afrika ontvang. 'n Belangrike verandering in die onderwyspatroon vir inboorlinge het egter sedert 1960 ingetree toe 'n begin gemaak is om sendingskole geleidelik om te skep in gemeenskapskole. Die volgende toon 'n goeie algemene beeld van onderwys teen 1962 :

TABEL III

SKOOLBYWONING

	<u>Suidelike Sektor</u>	<u>Noordelike Sektor</u>	<u>Ovamboland</u>
Bevolking	148,000	445,000	240,000
Moontlike skoolbevolking ¹⁾	34,000	102,000	55,000
Werklike skoolbevolking	14,840	47,088	27,136
Persentasie bywoning	43.64	46.16	49.33

Met groot waardering kan melding gemaak word van die belangrike aandeel wat die verskillende sendinggenootskappe gehad het in die ontwikkeling van onderwysdienste in Suidwes-Afrika. Soos in die geval van talle Bantoe-tale in Afrika was dit ook hier die sendelinge wat met hulle sending- en onderwysaktiwiteite die stimulus was vir die bestudering en ontwikkeling van die betrokke tale. In hierdie ondersoek word dikwels verwys na die bydraes van die Sending op taalgebied. Dit is onvermydelik, gesien in die lig van die feit dat die eerste poging om die inboorlingtale te ontwikkel, anders as dié van die Sending, eers sedert 1962 van owerheidsweë aangewend is.

Met die oog op die belangrikheid van die verskillende sendingortografieë vir hierdie studie, is dit wenslik om kortliks op die aktiwiteite van die Sending in Ovamboland te let.

14/.....

1) Bereken teen ongeveer 23% van die totale bevolking.

A. NDONGA

DIE FINSE SENDING IN ONDONGA

Voor 1870 was daar nog geen sendelinge in Ovamboland nie. In 1857 het Hugo Hahn van die Rynse Sending egter reeds 'n reis na Ovamboland onderneem om kennis te maak met die land en sy mense en om die moontlikheid van sendingwerk onder die Ovambo's te ondersoek. 'n Tweede ondersoek in 1866 was meer suksesvol, nadat sy geselskap in 1857 met geweld uit die land verdryf is. Weens die Rynse Sending se tekort aan fondse en personeel het Hahn hom tot die Finse Sending in Finland gewend en hulle ooreed om met Finse sendelinge die sendingtaak in Ovamboland te begin.

Op 30 Desember 1868 het ses geordende Finse sendelinge en drie leke in Kaapstad aangekom. Vanaf Maart/April 1869 tot 27 Mei 1870 het hulle by die Rynse Sending te Otjimbingwe vertoef waar hulle onder leiding van Carl Hugo Hahn Herero aangeleer het. Hulle was van mening dat die Ovambo met behulp van die Hererotaal bereik kon word, dog dit het spoedig geblyk dat alle sendingpogings sou misluk indien dit nie deur medium van die Ovambo se eie taal geskied nie. Omdat die gesindheid daar beter was, het die sendelinge eerste onder die Ndonga gaan werk (1870) en ernstige pogings is aangewend om die Ndonga-taal aan te leer ten einde in staat te wees om literatuur vir die Ndonga daar te stel. Met Onipa - by Ondangwa - as hoofkwartier het die Finse Sending sedertdien ononderbroke voortgegaan met sy werksaamhede onder die Ndonga.

EERSTE POGINGS OM DIE TAAL TE SKRYF

Die taalstudie te Otjimbingwe moes die stimulus gewees het vir die eerste Finse sendelinge om literatuur te begin

saamstel. Die eerste poging om leesstof vir die Ndonga in sy eie taal daar te stel was 'n skoolleesboekie van P. Kurvinen ¹⁾. Onder die titel „ABD Moshindonga. Omukanda uatango koshindonga ua piangoa” ²⁾ het hierdie boekie - dit is reeds in 1876 geskryf - op 19 Januarie 1877 in Helsinki uit die pers verskyn. In die voorwoord sê die skrywer :

„Kalunga kua yamba iigandya nonge, e ta hala, evangeli li hapulue na kaambo aakuei, a suile ohenda oshilonga shetu, aahongi ya Suomi, oshishona, sha tamekoa okuenye 1870 miilongo yaambo, nokutya omukanda ngo ABD uatango moshindonga tu sho, oshiyele u nyolisiua, - iima yomapulilo getu omashona. Omushiti uelaka e suile ohenda okakanda nko okashona, ke kuasele aambo, aahooloa komutima uetu, kuulenga uomuenyo ua huka na ua aluhe-aluhe kombanda (megulu).” ³⁾.

16/.....

-
- 1) Finse sendeling in Ovamboland 1868-1874.
 - 2) „ABD in Oshindonga. Die eerste boek wat in Oshindonga geskryf is”. Hersiene uitgawe in 1879.
 - 3) „God, ryk aan gawes en genade, al willend (dat) die evangelie ook aan die arme Ovambo's verkondig word, het die geringe taak deur ons, die Finse sendelinge, waarmee in die droë tyd van 1870 in die stamgebiede van die Ovambo's 'n begin gemaak is, geseën, m.a.w. hierdie ABC-boek, die eerste geskrewe werk in hierdie mooi Ndongataal - 'n vrug van ons beskeie (taal) studies. Laat die Skepper van die taal hierdie klein boekie seën dat dit vir die Ovambo's, wat ons uit ons harte liefhet, van nut is in die lewe hier en hiernamaals daarbo (in die hemel).”

As verdere voorbeelde van die eerste skryfwyse van Ndonga, sowel as van Herero-invloed in die taal, word verwys na die volgende:

- (i) „Kalunga a hoolele uuyuni, opo a gandyua Omuna ue Amukezsi, nokutya auhe, ngono e itaala mu Ye, ita kana, nani ta mono omuenyo ua aluhe-aluhe". (Joh. 3:16)
- (ii) „Muhona uetu ¹⁾ Yesus Kristus uusiku mboka, a hololoa, a toola ohima, a hambelele nokue yi topola, e yi pa aahongoa ye nokua ti : koateni, liení, ondyoka olutu luandye, talu pelua one". (1 Kor. 11:23)

Dieselfde gedeeltes verskyn soos volg in die jongste vertaling van die Bybel in Ndonga (1954) :

- (i) Ošoka ošo Kalunga kua li e hoole uujuni oje a gandja Epona lje, opo šaa ngoka e mŭ itaale kaa kane, ihe a mone omueño guaaluhe.
- (ii) Omŭua Jesus uusiku mbujaka a gaaalekua, okua kuša ošikuifila, a hambelele, okue ší pambula nokua ti: Šika olutu luandje talu gandjwa peha ljení; ší ningeni okuzimbulukua ndje.

17/.....

1) Invloed van Herero in die onderstreppte woorde.
Voorbeelde " uit „ABD Moshindonga".

Ander belangrike publikasies wat gedurende dieselfde tydperk verskyn het, was 'n gesangboekie en „Omalombolelo ga Ombiblia kokutya Oohapu za Kalunga” ¹⁾ van G.M. Skoglund. Ook is 'n aanvang gemaak met die vertaling van die Nuwe Testament wat in 1903 verskyn het. Vanaf 1901 word die kerkblad „Osondaha”, wat sedert 1936 as „Omukueto” („Omukweto” vanaf 1955) bekend staan, uitgegee, terwyl die volledige Bybel in Ndonga in 1954 verskyn. Alle publikasies in Ndonga is en word behartig deur die Finse sendingpers wat sedert 1925 - na vernietiging deur 'n brand - vanaf Elim verskuif is na Oniipa.

Afgesien van ondoeltreffende simbole setel die vernaamste kritiek op die bestaande ortografieë van Kwanyama en Ndonga ²⁾ in die verwarring van verskeie skryfwyses wat reeds geïmplementeer is, sowel as in die natuurlike en noodwendige uitvloeisel daarvan : inkonsekwensie. Hierbenewens is daar onbevredigende en onpraktiese simboolaanwendings, veral ten opsigte van diakritiese tekens. Verskillende fone is dikwels deur dieselfde simbool voorgestel, en dieselfde foon soms deur verskillende simbole. Dubbelsinnigheid is gevolglik 'n noodwendige voortvloeisel van sommige bestaande ortografieë.

Ons weet nie waardeur P. Kurvinen in sy simbolekeuse beïnvloed was nie, maar in sy A B D - boekie tref ons onder meer die volgende aan :

18/.....

1) Bybelverhale. Skryfwyse volgens P.H. Brincker, vgl. Tabel IV, p. 20.

2) Geen ortografie was nog ooit amptelik en as sodanig verpligtend nie.

Beide s en su word gebruik vir [s], bv.
uusiku/uusuiku 'nag', suile ohenda 'begenadig'.

Ook word s gebruik vir / θ / soos in die kousatief-
uitgang en elders, bv. nyolisiua < nyola 'skryf',
kuasele 'van hulp wees'.

As alternatief word / θ / ook voorgestel deur zs,
bv. omuzsita a zsita elaka ' 'n stomme wie se tong
stom is',
Omuna ue Amukezsi 'sy eniggebore Seun'.

Insgelyks sou [z] heel eenvoudiger deur Kurvinen
voorgestel kon word. As hoofletter is dit deur
Ƨu aangedui, terwyl vir die klein letter die
simbool Ƨu gebruik is, bv.

Ƨua po 'hiervandaan kom', eƧuimo 'bloedverwant'

Daarteenoor is z gebruik om [ʒ] voor te stel, bv.
oonzila 'voëls', oluzi 'soort'.

Skryfprobleme ten opsigte van die bogenoemde is wel deeglik
besef, met die gevolg dat daar op 15 Oktober 1877 soos volg
oor die volgende simbole besluit is :

[s] word voortaan geskryf as s , bv.
esimaneko 'eerbetoon', okasino 'esel',
omutse 'kop'.

[θ] word voortaan geskryf as ṣ , bv.
endasana 'gemeenskap hê',
eṣimbo 'tyd', kusa 'neem'.

[z] word voortaan geskryf as z , bv.
ezimo 'bloedverwant', ombinzi 'bloed',
zimina 'toestem'.

[ð] word voortaan geskryf as z , bv.
zimbulukua 'onthou', uuzilila 'propvol',
ezina 'naam', omaluzi 'soorte'.

Onder andere moes inkonsekwensies soos suimaneka,
syimaneka, syimaneka 'om te eer', aanleiding
gegee het tot die hersiening van die ortografie.

Kort daarna (1878) het G.M. Skoglund in sy Bybelverhale
'n nuwe ortografie gebruik - wat skerp deur Kurvinen
en Tolonen gekritiseer is - dog dit is nie deur die
sendingbestuur goedgekeur nie. Daar is besluit dat by
die ortografie van die A B D - boekie en die gesangboek
gehou moes word.

Op 14/15 April 1948 is besluit om weg te doen met alle
diakritiese tekens aangesien alle drukwerk na die Tweede
Wêreldoorlog in Finland gedoen moes word, en die drukkerye
daar het nie oor die vereiste tekens beskik nie. Tydens
'n vergadering gehou te Oshigambo (Ovamboland) op
25 September 1954 het dr. N.J. van Warmelo hom ook sterk
uitgespreek teen die gebruik van diakritiese tekens.

Die volgende dui die vernaamste verskille in die skryf-
wyses van Ndonga - vanaf die eerste publikasie tot die
huidige tydstip - aan :

TABEL IV

VERSKILLENDE NDONGA-ORTOGRAFIEË

Foneties ¹⁾	1876 ²⁾	1891	1892	1903	1945-54	1955-
[ε:]	ee ³⁾	ee	ee	ee	ee	ee
[ɔ:]	oo	oo	oo	oo	oo	oo
[w]	u/o	ǔ	u/o	u	u	w
[j]	i/y	ǐ/j	i/y	j	j	y
[l/ɭ]	l	l	l/r	l	l	l
[x]	h	x	h	h	h	h
[s]	s/su	šǔ/šǔ	su/sǔ	s	s	s
[ʃ]	sh	sh	sh	š	sh	sh
[ʒ]		j		f		
[z]	ʒu	šǔ	sǔ	z	z	z
[ð]	z	z	z	z	d	dh
[θ]	zs/s	s	s	s	c/f	th
[mhp]	mp	ṁp	mp	mp	mp	mp
[nht]	nt	ṅt	nt	nt	nt	nt
[ŋhk]	nk	ṅk	nk	nk	nk	nk
[ndʒ]	ndy	ndj	ndy	ndj	ndj	ndj
[ndʒ]	ndy	ndǐ	ndy/ ndǐy	ndj	ndj	ndy
[nʃ]	nsh	ṅsh	nsh	nš	nsh	nsh
[nð]	nz	ṅz	nz	nz	d	ndh
[ɲ]	ny	nj	ny	ñ	nj	ny
[tʃ]	ty	tǐ/tǐ	ty	tj	tj	ty

1) Fonetiese simbole volgens die International Phonetic Association, met aanpassing waar nodig.

2) Die volgende publikasies uit die betrokke tydperke is as voorbeelde gekies :

1876 : Kurvinen, P. : A B D Moshindonga.

(voetnotas by Tabel IV vervolg)

- 1891 : Brincker, P.H. : Lehrbuch des Oshikuanjama.
- 1892 : Seidel, A. : Grammatik des Oshindonga.
- 1903 : Etamenti lipe nomopsalme. Die Bybel
in Oshindonga (1954) volg dieselfde
skryfwyse.
- 1945-
54 : Laurmaa, E. : Afrika juuningininomutenja.
- 1955- : Namuhuja, H.D. : Uuyuni ukwanampinyuka.
Die huidige skryfwyse van die
Finse Sending.
- 3) Slegs [ɛ:] en [ɔ:] word as voorbeelde van
lang vokale gegee aangesien alle lang vokale
dieselfde patroon volg.

B. KWANYAMA

(1) DIE RYNSE SENDING IN OUKWANYAMA

Gedurende die Duitse tyd (1884-1915) het die Rynse Sending vir 'n sekere tydperk (1891-1915) in die gebied van die Kwanyama in Namacunde en Omatemba ¹⁾ (Omupanda) gewerk.

Sendingwerk in Oukwanyama het eers laat 'n aanvang geneem omdat die Kwanyama nog nie eerder die deure daarvoor wou open nie. Die eerste Duitse sendelinge wat onder die Kwanyama werksaam was, was A. Wulfhorst en F. Meisenholl wat in 1891 in Oukwanyama aangekom het. Veral die eersgenoemde is bekend vir die leidende aandeel wat hy geneem het in die sendingwerk onder die Kwanyama.

EERSTE LITERATUUR

Die heel eerste literatuur oor Kwanyama was P.H. Brincker, 'n sendeling van die Rynse Sending in Suidwes-Afrika, se „Lehrbuch des Oshikuanjama" wat in 1891 verskyn het. Dit is 'n vergelykende studie wat uit twee dele bestaan, naamlik (a) 'n grammatika van Kwanyama in verbinding met Ndonga, sowel as met geleentheidsverwysing na Herero; (b) 'n saaklike woordeboek van Kwanyama met vergelyking van Ndonga en Herero.

23/.....

1) Tans vorm dit 'n deel van Angola, dog voor die Eerste Wêreldoorlog was dit 'n deel van Ovamboland. Nieteenstaande groot getalle Kwanyamas ná die oorlog die grens na Ovamboland oorgesteek het, woon 'n groot gedeelte van hierdie volk vandag nog in Angola.

Die eerste werk in Kwanyama was A. Wulfhorst se „O-Evangelio ei ja shangua ku 'mujapuki Matteus" ¹⁾ (1896). In albei werke word die skryfwyse van H. Tönjes ²⁾ gevolg. Die eer vir die vertaling van die Nuwe Testament en die Psalms (1927) kom ook die Rynse Sending toe.

Na die Eerste Wêreldoorlog het die Rynse Sending hom aan sy werksaamheid in Ovamboland onttrek. Die Rooms-Katolieke Sending van Angola het hom vervolgens op Omatemba gevestig waar dit vandag nog werksaam is. Vir die res van Ovamboland is die sendingwerk onder die Kwanyama in die hande van die Finse en Anglikaanse Sending gelaat.

(11) DIE FINSE SENDING IN OUKWANYAMA

Na die vertrek van die Duitse sendelinge het die Kwanyama sendingwerk maar in eie hande geneem. Hongersnood en 'n griep epidemie in die jare 1915-1918 het verhinder dat ander sendinggenootskappe aktief aan sendingwerk onder die Kwanyama deelgeneem het. Op versoek van die Kwanyama is die eerste lidmate in 1910 gedoop, waarna die Finse Sending in 1921 'n stasie by Engela begin het.

LITERATUUR

Met die aanvang van hulle werksaamhede in Oukwanyama het die Finne vir 'n groot gedeelte die skryfwyse van H. Tönjes gevolg. Dit was eers na die Tweede Wêreldoorlog dat die Finse Sending die ortografieë van Kwanyama

24/.....

1) Die Evangelie soos beskrywe deur Matteus.

2) Vgl. Tabel V, p.25.

en Ndonga begin koördineer het. Die rede hiervoor kon tweërlei van aard wees, naamlik die gebrek aan oorspronklike letters met diakritiese tekens, en om praktiese redes sodat dieselfde drukpers publikasies in albei tale kon behartig ten einde die taak van onderwysers en predikante in die twee tale te vergemaklik.

Die eerste Finse publikasie in Kwanyama was die aanvangsleesboekie „Okambo kotete” ¹⁾ (1935). Daarna volg etlike vertalings en verwerkings van reeds bestaande lees- en geestelike boeke van die Finse Sending vir die Ndonga.

(111) DIE ANGLIKAANSE SENDING IN OUKWANYAMA

Die werksaamhede van die Anglikaanse Sending in Oukwanyama het in 1924 'n aanvang geneem met die koms van biskop G.W.R. Tobias. Bekend as „Saint Mary's Mission” en met hoofkwartier te Odimbo, word sendingwerk sedertdien onder die Kwanyama gedoen.

LITERATUUR

Die enigste bestaande Engels-Kwanyama-woordeboek is deur G.W.R. Tobias in medewerking met B.C.H. Turvey opgestel. Genoemde twee persone was ook verantwoordelik vir die ongepubliseerde manuskrip „Kwanyama Grammar and Syntax”, 'n vertaling van H. Tönjes se „Lehrbuch der Ovambo-Sprache Osikuanjama”. Die ortografie hierin, sowel as dié wat tans deur die Anglikaanse Sending gevolg word, is dié van H. Tönjes. Geen ander noemenswaardige werke het verskyn nie.

25/.....

1) „Eerste boek”. 'n Elementêre hulpmiddel vir die beginner om die klanke en simbole van Kwanyama te leer.

Die volgende dui verskille in die skryfwyses van Kwanyama - vanaf die eerste publikasie tot die huidige tydstop - aan :

TABEL V.

VERSKILLENDE KWANYAMA-ORTOGRAFIEE

Foneties ¹⁾	1891 ²⁾	1910	1927	1935	1963	1966	Angola
[ɛ:]	ee ³⁾	ē	ē	ee	ee	ē	e
[ɔ:]	oo	ō	ō	oo	oo	ō	o
[w]	ũ/u	u	u	u	w	u	w
[j]	i/j	i/j	i/j	j	y	i/j	i/y
[h]	h	h	h	h	h	h	h
[x]	ch	x	x	h	h	x	kh
[ʃ]	sh	s	s	s ⁴⁾	sh	s	s
[mh]	ṁ	ṁ	ṁ	ṁ /mp	mh	ṁ	m̄
[nh]	ñ	ñ	ñ	ñ/nt	nh	ñ	ñ
[ŋh]	ñ	ñ	ñ	ñg/nk	ngh	ñ	ñh
[ɲɔ]	ndj	ndj	ndj	ndj	ndj	ndj	ndy
[ɲɔ]	ndɪ	ndɪ	ndɪ	ndj	ndj	ndɪ	ndy
[ɔ]	dɪ	dj	dj	dj	dj	dj	dy
[ɔ]	dɪ	dɪ	dɪ	dj	dj	dɪ	dy
[ɲ]	nɪ/nj	nɪ/nj	nj	nj	ny	nj	ny
[fj]	fɪ	fɪ	fɪ	fj	fy	fɪ	fy
[tj]	tɪ	tɪ	tɪ/tj	tj	ty	tɪ	tɪ
[tj]	tɪ	tj	tj	tj	ty	tj	tɪ

1) Fonetiese simbole volgens die International Phonetic Association, met aanpassing waar nodig.

2) Die volgende publikasies uit die betrokke tydperke is as voorbeelde gekies :

1891 : Brincker, P.H. : Lehrbuch des Oshikuanjama.

1910 : Tönjes, H. : Wörterbuch der Ovambo-Sprache Osikuanjama-Deutsch.

(voetnotas by Tabel V. vervolg)

1927 : Etamenti lipe l'Omuene uetu Jesus Kristus nomapsalme. 'n Uitgawe van die Rynse Sending. Tans beskik Kwanyama nog net oor die Nuwe Testament en die Psalms.

1935 : Okambo kotete. 'n Aanvangsleesboekie van die Finse Sending.

1963 : Omahaepaululo ometestamenti likulu nolipe. Sedert 1963 die ortografie van die Finse Sending. Op enkele uitsonderings na is dit dieselfde skryfwyse wat deur pastor Paul Schulte van die Rynse Sending gevolg is tydens sy hersiening van die Nuwe Testament en die Psalms (1930-1940). By die stemlose geaspireerde nasale (vgl. p. 68) gebruik hy die diakritiese tekens van „Okambo kotete“ ; [ʃ] word voorgestel deur s ; vir [x] word x en h gebruik. Sy vertaling bestaan egter slegs as 'n ongepubliseerde manuskrip. Die vereenvoudigde teks verskil aansienlik van die bestaande. Die vertaling is nooit aanvaar nie.

1966 : Omaindilo nomaimbulo ōngeleka. Die huidige skryfwyse van die Anglikaanse Sending.

Angola : História Bíblica, Versão Kuanyama. Die Portugese skryfwyse word in aanmerking geneem omdat daar in Angola feitlik net soveel Kwanyamas as is Ovamboland woonagtig is.

- 3) Slegs [ɛ:] en [ɔ:] word as voorbeelde van lang vokale gegee aangesien alle lang vokale dieselfde patroon volg.
- 4) Wysiging wat in die gesangboek aangebring is om ooreen te stem met Ndonga.
- 5) en 6) Uitspraakvariasies van [dʒ] en [tʃ] is onderskei.

TABEL VI

HOOFRIGTINGS IN DIE HUIDIGE ORTOGRAFIE⁶
 VAN KWANYAMA EN NDONGA,
 SOWEL AS DIÉ VAN DIE BYBELVERTALINGS

<u>Foneties</u>	<u>Kwanyama</u>			<u>Ndonga</u>	
	<u>1)</u>	<u>2)</u>	<u>3)</u>	<u>4)</u>	<u>5)</u>
[ε:]	ē	ē	ee	ee	ee
[ɔ:]	ō	ō	oo	oo	oo
[w]	u	u	w	u	w
[j]	i/j	i/j	y	j	y
[h]	h	h	h	h	h
[x]	x	x	h	h	h
[s]				s	s
[ʃ]	s	s	sh	š	sh
[ʒ]				ʒ	
[z]				z	z
[ð]				ʒ [^]	dh
[θ]				s [^]	th
[mhp]				mp	mp
[nht]				nt	nt
[ŋhk]				nk	nk
[mh]	m̃	m̃	mh		
[nh]	ñ	ñ	nh		
[ŋh]	ñ	ñ	ngh		
[ɲdʒ]	ndj	ndj	ndj	ndʒ	ndj
[ɲdj]	ndɪ	ndɪ	ndj	ndj	ndy
[nʃ]				nš	nsh
[nð]				nʒ [^]	ndh
[dʒ]	dj	dj	dj		
[dj] ⁶⁾	dɪ	dɪ	dj		
[ɹ]	nj	nj	ny	ñ	ny
[fj]	fɪ	fɪ	fy		
[tj]	tɪ/tj	tɪ	ty	tj	ty
[tʃ] ⁷⁾	tj	tj	ty		

(voetnotas by Tabel VI)

- 1) Die Nuwe Testament en die Psalms in Kwanyama.
- 2) Die Anglikaanse Sending in Ovamboland wat steeds die skryfwyse van H. Tönjes volg.
- 3) Die Finse Sending in Ovamboland.
- 4) Die Bybel in Ndonga.
- 5) Die Finse Sending in Ovamboland.
- 6) en 7) Vgl. 6) en 7), Tabel V, p.25.

2. SENDINGORTOGRAFIE

In geen vertakking van die studie van Bantoetale is daar groter uiteenloopenheid as in die gebruik van ortografie nie. Dit is sekerlik geensins oordrewe om te beweer dat, vir sover lees en skryf die eerste stap in die opvoeding van die naturel vorm, geen aspek van groter belang is nie as juis die voorstelling van die geskrewe taal op 'n wyse wat logies aanvaarbaar en bevredigend is.

Die omstandighede waaronder taalnavoring in die verlede gedoen is, is verantwoordelik vir die huidige uiteenloopenheid van siening. Elke taal is afsonderlik bestuur deur verskillende navorsers wat onderling verskil het - van koördinasie was daar geen sprake nie. Die gevolg daarvan is dat elke taal oor sy eie ortografiese stelsel beskik het waarin die identiteit van die skepper daarvan weerspieël is. Dieselfde foon is deur verskillende persone dikwels op verskillende wyses voorgestel, of dieselfde simbool is soms gebruik om verskillende fone voor te stel. Dit kom selfs voor dat dieselfde skrywer somtyds 'n foon met verskillende simbole voorstel. In die meeste gevalle was dit nooit duidelik nie of 'n ortografie in die belang van die naturel - met die doel om hom te leer lees en skryf - opgestel is en of dit in die belang was van die blanke student wat begerig was om die taal te bestudeer.

Die mening moet geensins gehuldig word dat die pionierswerk op hierdie gebied vrugteloos was nie. Dit het reeds 'n baie nuttige doel gedien en ons in staat gestel om voordeel te trek uit die ondervindinge van ons voorgangers. As sodanig kan dit rigtinggewend wees vir die daarstelling van eenvormige ortografie.

Veral van die kant van die Finse Sending is van tyd tot tyd ernstige pogings aangewend om die ortografieë van Kwanyama en Ndonga - en veral dié van Ndonga - op 'n gesonde basis te plaas.

Ten opsigte van die oorgrote meerderheid van gepubliseerde werke ¹⁾ kan dit gesê word dat die uiteenloopenheid in skryfwyse toe te skryf is aan die feit dat die sendingliteratuur daargestel is deur persone met geen linguïstiese opleiding nie. Met so 'n bewering word geensins bedoel om afbreuk te doen aan die waarde van die bestaande publikasies nie - dit is bloot 'n taalkundige feit.

Soos blyk uit Tabelle IV en V was daar deur die jare veral sekere problemsimbole as gevolg waarvan inkonsekwensie ontstaan het. Die volgende verdien aandag :

e stel voor, Kw. [ɛ:] en [ɛ]²⁾, bv. endya [ɛ:ndja] 'voedsel',
ongobe [ɔngobɛ] 'bees'. Vgl. hiermee
eedi [ɛ:di] 'skape' in dieselfde publikasie.

31/.....

1) Benewens die Bybel in Ndonga en die Nuwe Testament en die Psalms in Kwanyama beskik dié tale oor 'n gesamentlike literatuurskat van sowat negentig godsdienstige publikasies, dertig skoollees- en grammatikaboekies en enkele woordeboeke en taalstudies - almal die werke van sendelinge, m.u.v. sowat 'n halfdosyn leesboekies.

2) Slegs aangetref in die skryfwyse van Angola.

o stel voor (i) Kw. [ɔ] en [ɔ:]¹⁾, bv.
kho [xɔ] 'jou vader',
okho [ɔ:xɔ] 'julle vaders';

(ii) Nd. [ɔ], bv. ongombe [ɔngɔmbe] 'bees';

(iii) Nd. [w], bv. piangoa [pjangwa] 'word geskryf'.

Die skrywer P. Kurvinen gebruik ook
u naas o vir [w], bv.
okua fualoa [ɔkwa fwalwa] 'hy is weg-
gebring'.

u stel voor (i) Nd. en Kw. [u], bv. Omvula [ɔmvula],
odula [ɔdula] 'reen' resp.;

(ii) Nd. en Kw. onuitgespreekte u, bv.
omuntu [ɔmmhtu], omunhu [ɔmmhu] 'mens'
resp.;

(iii) Nd. en Kw. [w]²⁾ wanneer gevolg deur
'n vokaal anders as [u], bv.
naua [nawa] 'goed'.

u stel voor (i) Nd. en Kw. onuitgespreekte u, bv.
omŭ-kazona [ɔmkaʒɔna], omŭ-kadona
[ɔmkadɔna] 'meisie' resp.;

(ii) Nd. en Kw. [w], bv. omŭ-kazona
omŭ-ŭanaŭa [ɔmkaʒɔna ɔmwanawa],
omŭ-kadona mu-ŭa [ɔmkadɔna muwa]
'n mooi meisie' resp..

32/.....

1) Slegs aangetref in die skryfwyse van Angola.

2) Die halfvokale w en j word eers vanaf 1955
deur die Finse Sending gebruik.

Soos in die geval van [w] was daar ook onduidelikheid en inkonsekwensie in die gebruik van [j] as halfvokaal, konsonant en glyklank ¹⁾. Die halfvokaal [j] is voorgestel met

i , bv. Kw. lia [l̥ja] 'eet', Nd. -piu [pju] 'warm';

ĩ , bv. Nd. oondĩa [ɔ:pdja] 'voedsel';

j , bv. Kw. lja [lja] 'eet',
Nd. popja [popja] 'praat';

y , bv. Kw. en Nd. tya [tja] 'sê'.

Dit is ook nie duidelik of 'n woord soos onguia ²⁾ as [ɔŋgwija] of [ɔŋguja] uitgespreek moet word nie.

[x] word voorgestel in Nd. met

x , bv. xula [xula] 'klere uittrek';

h , bv. ohenda [ɔxenda] 'genade';

en in Kw. met

x , bv. oxuxua [ɔxuxwa] 'hoender';

h , bv. hupifwa [xupifwa] 'word gered';

'h , bv. 'hula [xula] 'klere uittrek';

kh, bv. khupa [xupa] 'red'.

33/.....

1) Vgl. Halfvokale, p.79.

2) H. Tönjes, onguia 'naald'.

Nd. [s̥] word voorgestel met

- s , bv. sa [s̥a] 'sterf';
- su , bv. esuiku [es̥iku] 'dag';
- šŭ , bv. šŭa [s̥a] 'sterf';
- šŭ , bv. oõšŭi [ɔ:nts̥i] 'stof';
- sŭ , bv. okutsŭi [ɔkuts̥i] ' 'n oor'.

Benewens vir [s̥] word s ook gebruik om Nd. [θ] voor te stel, bv.

futisa [futiθa] 'laat betaal'.

Ander simbole wat [θ] voorstel ;

- zs , bv. omuzsita [ɔmθita] ' 'n stomme';
- s̥ , bv. omas̥imbo [ɔmaθimbo] 'tye';
- c , bv. cika [θika] 'aankom / bereik';
- f¹) , bv. faneka [θaneka] 'fotografeer/teken';
- th , bv. thiminika [θiminika] 'dwing'.

Die inkonsekwensie by die skrywe van [s̥] word onmiddellik verder gevoer wanneer gelet word op die oorvleueling wat dit tot gevolg het by die voorstelling van [z] met

- šŭ , bv. šŭala [zala] 'klee';
- sŭ , bv. nsŭiasŭia [nzianzia] 'plotseling/
gou=gou'.

34/.....

1) 'n Indiwiduele voorstel van B. Eriksson in "Okambo Kiitja" (Afrikaans-Oshambo-woordeboek), waarskynlik ter wille van ooreenstemming met Kwanyama.

Daarbenewens word [z] ook nog voorgestel met

ɸu , bv. ɸuimina [zimina] 'instem';
z , bv. zimina [zimina] .

Maar z stel ook [ð] voor, bv.

zana [ðana] 'speel',
zipaga [ðipaʎa] 'doodmaak';

Verder word [ð] ook nog voorgestel met

z , bv. zika [ðika] 'plant';
dh , bv. dhana [ðana] 'speel';
d , bv. dipaga [ðipaʎa] .

Die gebruik van d om [ð] voor te stel skep op sy beurt weer 'n verdere probleem. In die kombinasie [nð] word hierdie nasaalverbinding deur dieselfde skrywer ook met d voorgestel, bv.

odimbo [ɔnðimbo] 'kierie',
odila [ɔnðila] 'voël'.

Vir die aanduiding van [nð] is verder van die volgende simbole gebruik gemaak :

nz , bv. onzila [ɔnðila] ;
nz , bv. onzila [ɔnðila] ;
ndh , bv. ondhila [ɔnðila] .

Hierteenoor is nooit ernstige probleme ondervind met Nd. [ɲ] nie, wat slegs voorgestel is met

sh , bv. oshilongo [ɔʃilɔŋgo] 'gebied';
š , bv. ošilongo [ɔʃilɔŋgo] .

Dieselfde geld vir Kw., met dié uitsondering net dat dieselfde skrywer soms beide s en sh aanwend vir [ʃ], bv.

„Oshela : Oshifo sOvauambo vovene. Ongeleka
ja Anglican mOuambo oja hovela osifo sajo vene”.¹⁾

In 1929 is s [] deur die Rynse Sending gewysig tot s , soos aangetref in die gesangboek „Omukanda uomaimbulilo Mošikuanjama“, bv.

aluse 'altyd', Omusiti 'Skepper', siva 'weet'
teenoor

aluse, Omusiti, siva in die uitgawe van 1917.

Vir sover dit die stemlose geaspireerde nasale ²⁾
Nd. [mhp], [nht], [ŋhk] en Kw. [mh], [nh],
[ŋh] aangaan, het ons in die geval van Kw. dikwels
te kampe met ingewikkelde diakritiese tekens wat ook
gepaard gaan met inkonsekwensie, bv.

[mh] : om̃epo, om̃epo, om̃epo, omhepo [om̃hɛpɔ] 'wind',
em̃ofi [ɛmhɔfi] 'slaap';

[nh]': omũñu, omuñu, omuñu, omunhu [omnhu]
'mens':

[ɲh] : oñenda, oñenda, oñenda, oñgenda,
onghenda [ɔɲhenda] 'genade',
oñhone [ɔɲhɔne] 'wrok'.

36/.....

1) „Die fakkel/licg : 'n Nuusblad van die Ovambo's self. Die Anglikaanse Kerk in Ovamboland het 'n begin gemaak met sy eie blad". (Uit : „Oshela", April 1966.)

2) Vgl. Geaspireerde nasale, p.68.

In die Nuwe Testament en die Psalms van Kw. word $\dot{n}$ [ŋh] gewysig tot $\dot{n}$, wat inkonsekwensie meebring aangesien $\dot{n}$ [ŋh] in opposisie tot $\dot{n}$ [nh] te staan kom. Dieselfde wysiging kom ook voor in „Omukanda uomaĩbulilo Mośikuanjama”, bv.

ēno[̣]no [ε:ŋhono] 'krag'.

In die uitgawe van 1917 (Tsumeb) word $\dot{n}$ [ŋh] gewysig tot $\dot{n}$, bv. ēno[̣]no. Dit dui op sekere wysiginge in die ortografie sedert die Rynse Sending sy werksaamhede in 1915 in Ovamboland gestaak het. Ook is die plaaslike drukkerswese sodanig deur die oorlog geraak dat slegs van beskikbare simbole gebruik gemaak moes word. Vandaar die gebruik van ander diakritiese tekens, bv. $\dot{n}$, soos vir die inter-dentale nasaal van Herero, nina[̣] 'insluk'.

Die Finse Sending het voorkeur gegee aan die gebruik van die tilda vir die aanduiding van die stemlose geaspireerde nasale van Kwanyama. Weens praktiese probleme is in die plek daarvan - ter wille van onderskeiding - ook ander beskikbare diakritiese tekens gebruik, bv.

$\dot{m}$, $\hat{m}$, $\acute{m}$	in die plek van $\tilde{m}$ [mh];
$\dot{n}$, $\hat{n}$,	in die plek van $\tilde{n}$ [nh];
$\acute{ng}$, $\hat{ng}$	in die plek van $\tilde{ng}$ [ŋh].

Sedert 1950 kon die tilda weer voorsien word, dog die Finse Sending het in hierdie stadium die simbole mh, nh, ngh onderskeidelik aanvaar. 'n Groot persentasie van die Kwanyamas het ook voorkeur aan hierdie nuwe simbole gegee. 'n Poging van die Finse Sending om genoemde fone onderskeidelik met mp, nt, nk voor te stel ¹⁾ het sterk reaksie van die kant van die Kwanyamas uitgelok. Hierdie verndongade vorm van Kwanyama - om ooreenstemming met Kwanyama te probeer bewerkstellig - was geensins vir die Kwanyama aanvaarbaar nie, bv.

ompepo [ɔmhɛpɔ] 'wind/gees', omuntu [ɔmnhu] 'mens', onkenda [ɔnghenda].

Uit die volgende voorbeelde blyk die verskillende simbole wat aangewend is om Nd. en Kw. [ɲdʒ] en [ɲdj] voor te stel:

	[ɲdʒ] ²⁾	[ɲdj]
Nd.		
(i)	iig <u>and</u> ya 'gawes'	oond <u>ja</u> 'voedsel'
(ii)	ond <u>ja</u> mba 'olifant'	oond <u>ja</u>
(iii)	ond <u>y</u> ila 'pad'	oond <u>ya</u> , ndi <u>y</u> oka 'Dem. II, ekv., e-, <u>oma</u> -klas'
(iv)	ombualag <u>and</u> ja 'uitspansel'	oond <u>ja</u> , nd <u>j</u> oka 'Dem. II, ekv. e-, <u>oma</u> -klas'
(v)	oond <u>ja</u> mbi 'lone'	nd <u>j</u> oka
(vi)	ond <u>ja</u> la 'hongersnood'	nd <u>y</u> oka

38/.....

1) "Omaimbilo gegongalo lya Kristus" (1949). Gesamentlike gesangboek vir Kw. en Nd.

2) Voorbeelde (i) - (vi) en (i) - (vii) volgens die publikasies waarna verwys word in tabelle IV en V resp.

Kw.	(i)	<u>ondj</u> aba 'olifant'	<u>eendj</u> a 'voedsel'
	(ii)	<u>ondj</u> aba	<u>ēndj</u> a
	(iii)	<u>ēndj</u> ila 'paaie'	<u>ēndj</u> a
	(iv)	<u>ondj</u> aba	<u>eendj</u> a
	(v)	<u>ondj</u> ala	<u>ēndj</u> a
	(vi)	<u>ondj</u> ila	<u>eendj</u> a
	(vii)	<u>ondy</u> ala	<u>endy</u> a

Kw. [dʒ] en [tʃ] is ook uiteenlopend voorgestel in die verskillende ortografieë. In sekere gevalle was die uitgangspunt blykbaar die herkoms van die woord - vandaar tia [tja] < ti 'sê'. Daarteenoor was verskillende spraakwaarnemings moontlik verantwoordelik vir alternatiewe vorme soos tja [tʃa] / tya [tja]. Skrywers het dit soos volg onderskei :

P.H. Brincker:

[dʒ]: dialeka 'iemand aantrek', diulula 'uitskep uit water';
 [dʃ]: djala 'klee', dju 'swaar'.

H. Tönjes:

[dʒ]: djulula, endjadja 'derm';
 [dʃ]: djala, dju, dialeka ¹⁾.

Tans word [dʃ] nog gehoor as variant van [dʒ]. Dit is fonologies irrelevant en kan in die ortografie met dieselfde simbool dj voorgestel word. In die ortografie van die Finse Sending word slegs dj [dʒ] aangetref, bv.

djaleka, djulula, djala.

1) P.H. Brincker en H. Tönjes verskil oor die uitspraak.

Dieselfde geld in die geval van Kw. [tj]. In die ortografie van die Finse Sending word slegs ty [tj] aangetref, bv.

tyuula 'deurboor', tya 'sê', tyava 'hout versamel',
kutya 'dat'.

P.H. Brincker gebruik die volgende simbole :

[tʃ]: tiava, tiula;

[tj]: tia 'sê'.

Uit H. Tönjes se simbolekeuse blyk ook weer die verskil in foonwaarneming, net soos in die geval van 1) op p.38:

[tʃ]: tjula, kutja;

[tj]: tiava, tia.

In Nd. is daar die volgende voorstellings van [tj] :

kutya, kutja, tya, tja, tja, tiaja 'hout
versamel'.

Let ook op die inkonsekwensie t.o.v. [ɲ] ¹⁾ :

- Kw. (i) nɲanga, nɲanga 'voedsel/hout soek';
(ii) nɲa 'ontlas', nɲanga;
(iii) emanja 'klip';
(iv) nɲola 'skryf';
(v) omakanja 'monde';
(vi) ounyuni 'aarde';
(vii) omukwanyati 'dappere'.

40/.....

1) Voorbeelde (i) - (vii) en (i) - (vi) volgens die publikasies waarna verelys word in tabelle V en IV resp.

- Nd. (i) okuenye 'droë, warm seisoen';
 (ii) onjosi 'ster';
 (iii) okuenye;
 (iv) omütena 'dag'
 (v) omutenja
 (vi) omwenyo 'siel/lewe',

In die beskrywing van die klankstelsel van Kwanyama en Ndonga ¹⁾ word gepoog om alle inkonsekwensies en dubbelsinnighede uit te skakel deur die voorstelling van praktiese ortografiese simbole vir die foneme van die twee tale.

41/.....

1) Vgl. Hoofstuk III.

HOOFSTUK III

KLANKSTELSEL

Soos in die geval van etlike Bantoetale word die voorstelle vir 'n praktiese ortografie vir Kwanyama en Ndonga gebaseer op die foneme van die betrokke tale. Derhalwe word uitgegaan van 'n fonologiese ¹⁾ eerder as van 'n fonetiese standpunt.

Ten einde dubbelsinnigheid te vermy in die beskrywing van die klankstelsel van 'n taal, is dit gebruiklik, gerieflik en doeltreffend om gebruik te maak van 'n fonetiese alfabet waarin elke foon voorgestel word deur 'n enkele simbool of 'n kombinasie van simbole. Tans is die mees algemeen aanvaarde fonetiese alfabet dié van die International Phonetic Association. Genoemde alfabet, met geringe wysigings waar nodig, word in hierdie studie gebruik.

42/.....


1) Sínchronies met verwysing na die diachroniese waar nodig.

1. VOKALE

In teenstelling met etlike Bantoetale wat oor 'n sewe-vokaalstelsel beskik, is daar in Kwanyama en Ndonga vyf vokaalfone wat tot vyf aparte foneme behoort. Die stelsel is eenvormig vir beide taalgroepe, en in vergelyking met die Kardinale Vokaalkaart van die International Phonetic Association sien die vokaalfone soos volg daar uit :

FIG. 3

VOKAALKAART VAN KWANYAMA EN NDONGA ¹⁾



Hierdie vyf vokale kom duidelik en distinktief voor as òf kort, òf lank. Die kort vokale is aansienlik korter as dié van die Bantoetale van die Republiek van Suid-Afrika. Die lang vokale is omtrent $1\frac{1}{2}$ - $1\frac{3}{4}$ lengtes van kort vokale. Die verskil in lengteduur by lang vokale wissel by verskillende sprekers sodat dit uiters moeilik sou wees om die grade van duur bevredigend deur lengtesimbole aan te dui.

43/.....

1) Die tongposisies van [i], [ε], [ɔ] en [u] is so naby aan Kardinale Vokale 1, 3, 6 en 8 dat dit nie afsonderlike aanduiding op die vokaalkaart regverdig nie.

A. KORT VOKALE

/i/ = [i], die hoë voorvokaal met tongposisie feitlik dieselfde as Kardinale Vokaal 1, bv.
Kw. en Nd. /ila/ = [ɪla] = ila 'kom',
/titima/ = [titima] = titima 'knetter'.

/e/ = [ɛ], die middellae voorvokaal met tongposisie na aan Kardinale Vokaal 3, bv.
Kw. en Nd. /meme/ = [mɛmɛ] = meme 'moeder',
/eta/ = [ɛta] = eta 'bring'.

/a/ = [a], die lae voorvokaal met tongposisie tussen Kardinale Vokale 4 en 5 en die lippe deeglik gesprei, bv.
Kw. /vala/ = [vala] = vala 'tel',
Nd. /lala/ = [lala] = lala 'lê'.

/o/ = [ɔ], die middellae agtervokaal met tongposisie digby Kardinale Vokaal 6, bv.
Kw. en Nd. /mona/ = [mɔna] = mona 'sien',
/ona/ = [ɔna] = ona 'luis'.

/u/ = [u], die hoë agtervokaal met tongposisie byna identies aan Kardinale Vokaal 8, bv.
Kw. en Nd. /umba/ = [umba] = umba 'skiet',
-/tatu/ = -[tatu] = -tatu 'drie'.

B. LANG VOKALE

Die artikulasieplek van egte lang vokale is net soos vir die kort vokale. Al die reeds genoemde kort vokale word ook in 'n verlengde vorm in woordstamme aangetref.

/ii/ = [i:], bv. Kw. /ʃiika/ = [ʃi:ka] =
shiika 'verken',
Nd. /siikila/ = [si:kila] =
siikila 'bedek'.

/ee/ = [ε:], bv. Kw. /heeno/ = [hε:nɔ] =
heeno 'ja',
Nd. /eeno/ = [ε:nɔ] =
eeno 'ja'.

/aa/ = [a:], bv. Kw. /jaama/ = [ja:ma] =
yaama 'skuiling
soek teen reën',
Nd. /itaala/ = [ita:la] =
itaala 'glo'.

/oo/ = [ɔ:], bv. Kw. /koola/ = [kɔ:la] =
koola 'uithark',
Nd. /oongupa/ = [ɔ:ŋgupa] =
oongupa 'bosluise'.

/uu/ = [u:], bv. Kw. /juuna/ = [ju:na] =
yuuna 'skil' (ww.),
Nd. /tuula/ = [tu:la] =
tuula 'verskeur'.

Lang en kort vokale vorm distinktiewe opposisies soos blyk uit die volgende :

Kw. /fika/ = [fika] = fika 'aankom/bereik',
/fiika/ = [fi:ka] = fiika 'met een oog staar',

Nd. /θika/ = [θika] = thika 'aankom/bereik',
/θiika/ = [θi:ka] = thiika 'met een oog staar';

Kw. en

Nd. /jela/ = [jɛla] = yela 'helder/lich word',
/jeela/ = [jɛ:la] = yeela 'bespot';

Kw. en

Nd. /kama/ = [kama] = kama 'uitpers van vog/hard druk',
/kaama/ = [ka:ma] = kaama 'dryf/dobber';

Kw. /kɔla/ = [kɔla] = kola 'sterk wees/maroe lasap uitdruk',
/koola/ = [kɔ:la] = koola 'uit- of bymekaar hark',

Nd. /fola/ = [fɔla] = fola 'afruk',
/foola/ = [fɔ:la] = foola 'vuurhoutjie trek';

Kw. en

Nd. /tuka/ = [tuka] = tuka 'vlieg/boor deur insekte',
 Kw. /tuuka/ = [tu:ka] = tuuka 'oop wees',
 Nd. /tuuka/ = [tu:ka] = tuuka 'verskeur' (onoorg.),

Kw. en

Nd. /tula/ = [t̥ula] = tula 'neersit',
 Kw. /tuula/ = [t̥u:la] = tuula 'bedekking afhaal',
 Nd. /tuula/ = [t̥u:la] = tuula 'verskeur'.

Omdat lang vokale fonologies in opposisie tot kort vokale staan, is dit wenslik dat dit ortografies (soos hierbo voorgestel) deur verskillende simbole aangedui word.

C. VOKAALFONEEMKOMBINASIES

1. Kombinasies van eenderse vokaalfoneme

Dit is vokale wat ontstaan het as gevolg van sekere fonologiese prosesse ¹⁾, en foneties identies aan lang vokale ²⁾ is :

- (a) Dikwels ontstaan in Kwanyama-woordstamme kombinasies van eenderse vokaalfoneme as gevolg van die verdwyning van B./ʃ/, wat egter in Nd. behoue gebly het, bv.

diinina 'ag gee', vgl. Nd. dhiginina,
teelela 'wag vir', vgl. Nd. tegelela,
dipaa 'doodmaak', vgl. Nd. dhipaḡa,
hoolola 'uitkies', vgl. Nd. hogolola,
huuninwa 'die laaste wees', vgl. Nd. huginina.

Die ortografie van H. Tönjes en die Bybel-vertaling onderskei tussen egte lang vokale en lang vokale wat op die bogenoemde wyse ontstaan het. Egte lang vokale word soos volg deur hulle aangedui :

kāma 'swem', ēngobe 'beeste',
fīka 'met die een oog staar',
tōla 'optel', sūka 'dros',

terwyl die kombinasie wat ontstaan het as gevolg van die elisie van B./ʃ/ met dubbele simbole geskryf word, bv.

47/.....

1) Vgl. Assimilasie, par.(b), p.115.

2) Vgl. p.44.

teelela 'verwag', osii 'vrug van die
omushii-boom'
xuununa ' 'n karmenaadjie gaps by die slag
van 'n bees',
dipaa 'doodmaak', ositoo 'erdepot'.

Soortgelyke lang vokale ontstaan in gevalle
soos Nd. shaa<shampa 'sodra/as',
gee<geye 'kwaad word',
ishee<ishewe 'nog/weer'.

Sulke voorbeelde kom egter nie algemeen voor nie.
Gevolgtlik word dit aanbeveel dat die vol vorm
van sulke woorde in die ortografie behou word,
tensy daar betekenisonderskeid is, bv. Kw. en
Nd. nawanawa 'baie goed' teenoor naanaa 'juis/
presies'.

- (b) Lang vokale in klasvoorvoegsels het van B.-voorvoegsels ontstaan as gevolg van elisie, same-smelting en assimilasie ¹⁾. In die o-, ee- en olu-, ee-klasse ²⁾ is die meervoudsvorvoegsel ee-<e-<a+i<adi-^{*} ³⁾. In plaas van e- het ee- ontstaan as oorblyfsel van die vroeëre twee-lettergrepige voorvoegsel. In Herero is die voorvoegsel van hierdie klas steeds tweeletter-grepig, bv. ongombe 'bees', mv. ozongombe. In Ndonga vorm dit een lettergreep, bv. ongombe, mv. oongombe, moontlik<odo-<odi-^{*}.

48/.....

1) Vgl. Hoofstuk IV.

2) Verwysing na selfstandige naamwoordklasse geskied d.m.v. die betrokke klasvoorvoegsels en nie aan die hand van bv. Meinhof se klasnommers nie. Slegs in die geval van B. klas 9 word soms van die lg. verwysing gebruik gemaak.

3) * Na die woord dui aan diachroniese Kw. en Nd.

Deur die verdwyning van -y- in die oorspronklike voorvoegsel, en regressiewe assimilasie, het saamgetrokke klasvoorvoegsels soos die volgende in Ndonga ontstaan :

aa- < ova-, bv. aa-ntu 'mense',
ekv. omu-ntu (vgl.
Kw. ova-nhu, ekv. omu-nhu);

^{*}
ii- < ovi-, bv. ii-kombo 'bokke',
ekv. oshi-kombo
(vgl. Kw. oi-kombo, ekv.
oshi-kombo; Her. ovi-kombo
'besems');

^{*}
uu- < ovu-, bv. uu-tana 'kalwers',
ekv. oka-tana
(vgl. Kw. ou-tana, ekv. oka-
tana).

Sulke voorvoegsels word in die volgende naamwoord-
klasse aangetref :

Kw. - , oo- : ootate 'vaders',
o- , ee- : eengobe 'beeste',
olu-, ee- : eenguto 'lepels',

Nd. omu-, aa- : aantu 'mense',
- , oo- : ootate 'vaders',
oshi-, ii- : iikombo 'bokke',
o- , oo- : oongombe 'beeste',
olu-, oo- : oosindu 'lepels',
oka-, uu- : uutana 'kalwers',
uu- , omau- : uusiku 'nag'.

(c) In woorde soos

Kw. oshunda 'veekraal' < oshi-unda,

Nd. okiga 'potjie' < oka-iga
word lang vokale gevorm deur assimilasie ¹⁾.

(d) Wanneer die aanvangsfoneem van die selfstandige
naamwoordstam dieselfde is as die eindfoneem van
die klasvoorvoegsel, bv.

Kw. en Nd. oshiimbo 'lied' < oshi+imba,

Kw. ekelelo 'misnoeë' < e+ekelela,

Nd. okaanda 'miershopie' < oka+anda,

Kw. en Nd. omumbi 'boogskut' < omu+umba.

(e) In vorme soos ndaa, waa, gaa. ²⁾

Gevolgtrekking: Diachronies gesien behoort die vokaal-
foneme tot afsonderlike lettergrepe. Sinchronies vorm
hulle egter lang vokale binne dieselfde lettergreep as
gevolg van die verdwyning van B. ///. Sommige lang
vokale kan bepaalde prosodiese eienskappe soos klem en
toon besit, andere weer nie. Elkeen van die elemente
mag verskillende toneme dra, bv. Kw. dii-nina, terwyl dit
in die geval van andere nie aangetref word nie, bv.
Kw. di-paa. Vir ortografiese doeleindes sal dit as
lang vokale beskou word.

50/.....

1) Vgl. Assimilasie, par.(b), p.115.

2) Vgl. Samesmelting, par.(vii), p.123.

2. Kombinasies van oneenderse vokaalfoneme

Uit die kombinasie van vokaalfoneme kom in sekere gevalle nie-eenderse vokale met geen duidelike, afsonderlike sillabieses waardes nie langs mekaar te staan. Sulke kombinasies, wat vir ortografiese doeleindes as een lettergreep beskou word, word gevorm deur 'n oop vokaalfon in verbinding met 'n meer geslote een. Dit kom voor in :

(i) Stamme van werkwoorde en selfstandige naamwoorde, bv.

/ae/ = [aɛ] : Kw. /vaeka/ [vaɛka] = vaeka 'besmeer',
/oluhaela/ = [ɔluhaɛla] oluhaela 'skoon/kaal
plek';

/ai/ = [ai] : Kw. /wainina/ = [wainina] = wainina
'verenig' (ww.), /paife/ = [paifɛ] = 'nou' (bw.);

/au/ = [au] : Kw. /ʃauka/ = [ʃauka] = shauka 'bleik',
Nd. /kaununa/ = [kaununa] = kaununa
'room
afskei';

/ei/ = [ɛi] : Kw. /ofeleiʃo/ = [ɔfɛlɛiʃɔ] =
ofeleisho 'wenkbrou',

Nd. /okaheneiði/ = [ɔkaxɛnɛiði] =
okaheneidhi 'grassoort';

/eu/ = [ɛu] : Kw. en Nd. /keuka/ = [kɛuka] =
keuka 'op die uitkyk wees';

/oi/ = [ɔi] : Nd. /oʃikotoimba/ = [ɔʃikɔtɔimba] =
oshikotoimba 'voëlsoort'.

(ii) Klasvoorvoegsels, bv.

/au/ = [au] : Kw. /omaufigu/ = [ɔmaufiku] =
omaufigu 'nagte',

Nd. /omausiku/ = [ɔmausiku] =
omausiku 'nagte';

/oi/ = [ɔi] : Kw. /oikombo/ = [ɔikombo] =
oikombo 'bokke';

/ou/ = [ou] = Kw. /oufigu/ = [oufigu] = oufigu 'nag'.

2. KONSONANTE

Kwanyama beskik oor sewentien en Ndonga oor twintig konsonantfone wat onderskeidelik tot sestien en negentien foneme behoort. Uit die samestelling van hierdie konsonantfone word onderskeidelik 35 en 45 foonkombinasies gevorm. Ten opsigte van artikulasieplek en -wyse word die konsonantfone soos volg ingedeel:

FIG. 4

KONSONANTKAART VAN KWANYAMA

	Bilabiaal	Labio-dentaal	Alveolêr	Alveo-dentaal	Palato-alveolêr	Palataal	Velêr	Glottaal
Eksplosiewe	b p			d t			k	
Frikatiewe		v f			ʃ		x	h
Laterale			l/ɭ					
Nasale	m			n		ɲ		
Affrikate					dʒ			
Halfvokale	w					j		

FIG. 5

KONSONANTKAART VAN NDONGA

	Bilabiaal	Labio-dentaal	Inter-dentaal	Alveolêr	Alveo-dentaal	Palato-alveolêr	Palataal	Velêr	Glottaal
Ekspl-siewe	p				t			k	
Frika-tiewe		v f	ð θ	z ʒ		ʃ		ɣ x	h
Laterale				l/r					
Nasale	m				n		ɲ		
Affrikate				ts					
Halfvokale	w						j		

(a) EKSPLOSIIEWE

/b/ = [b], die stemhebbende bilabiaale eksplosief, bv.¹⁾

Kw. /ongobe/ = [ɔŋgɔbɛ] = ongobe 'bees',

/ondʒaba/ = [ɔŋdʒaba] = ondjaba 'olifant'.

54/.....

1) Waar daar in voorbeelde slegs na een taal verwys word, word die betrokke foon of kombinasie nie in die ander taal aangetref nie.

Die volgende kombinasies van /b/ met ander foneme word aangetref :

- (i) Met nasale: As aanvangsfoneem word /b/ nooit alleen aangetref nie, maar wel in verbinding met die bilabiaale nasaal /m/ :

/mb/ = [mb], bv. Kw. en Nd. /mbali/ = [mbali] = mbali 'twee',

Kw. /mbofola/ = [mbofola] = mbofola 'deurboor',

Nd. /ongombe/ = [ɔngombe] = ongombe 'bees'.

- (ii) Met die halfvokaal /w/ :

/bw/ = [bw], bv. Kw. en Nd. /embwabwa/ = [embwabwa] = embwabwa ' 'n soort fees'.

- (iii) Met nasale en halfvokale :

/mbw/ = [mbw], bv. Kw. en Nd. /ombwa/ = [ɔmbwa] = ombwa 'hond';

/mbj/ = [mbj], bv. Kw. /ombju/ = [ɔmbju] = ombyu 'veldvrug',

Nd. /mbju/ = [mbju] = mbyu 'bloedrooi'.

/p/ = [p], die stemlose bilabiaale eksplosief, bv.

Kw. /oupopepi/ = [ɔupɔpɛpi] = oupopepi,

Nd. /uupopepi/ = [u:ɔpɛpi] = uupopepi 'nabyheid'.

Die volgende kombinasies van /p/ met ander foneme word aangetref :

(i) Met nasale : Vgl. geaspireerde nasale, p.68.

(ii) Met die halfvokale /w/ en /j/ :

/pw/ = [pw], bv. Kw. en Nd. /pwa/ = [pwa] =
pwa 'gedaan raak';

/pj/ = [pj]¹⁾, bv. Kw. en Nd. /popja/ = [pɔpja] =
popya 'praat';

/pjw/ = [pjw], bv. Nd. -/pjwelela/ = -[pjwelela] =
-pywelela 'vuurwarm'.

/d/ = [d], die stemhebbende alveo-dentale eksplosief.

Dit bevat beide alveolêre en dentale eienskappe as gevolg van die artikulasie daarvan met die tongpunt teen die alveolus en die tande.

Kw. /odidi/ = [ɔdidi] = odidi 'koei',

/odimbo/ = [ɔdimbo] = odimbo 'kierie'.

Die volgende kombinasies van /d/ met ander foneme word aangetref :

(i) Met nasale :

/nd/ = [nd], bv. Kw. en Nd. /onduli/ =
[ɔnduli] = onduli 'kameelperd',

Nd. /ondando/ = [ɔndandɔ] = ondando 'prys'.

56/.....

1) Vgl. ook kombinasies van /j/ met konsonantfoneme, p.77.

(ii) Met die halfvokaal /w/ :

/dw/ = [dw], bv. Kw. /ndwadwama/ =
[ndwadwama] = ndwadwama 'bulder' (ideofoon).

(iii) Met nasale en halfvokale:

/ndw/ = [ndw], bv. Kw. /ndwadwama/ =
[ndwadwama] = ndwadwama,
Nd. /ndwandwama/ = [ndwandwama] =
ndwandwama 'bulder' (ideofoon);

/ndj/ = [ndj], bv. Kw. /eendja/ = [ε:ndja] =
eendya, Nd. /oondja/ = [ɔ:ndja] =
oondya 'voedsel'.

/t/ = [t], die stemlose alveo-dentale eksplosief.
Dit verskil van [d] slegs ten opsigte van
stemhebbendheid. In al die Bantoetale van
Suidwes-Afrika word [t] op hierdie wyse
gevorm. Distinkties hiervan is die inter-
dentale [t̪] van Herero - ook [d̪] en
[n̪].

Kw. en Nd. /tate/ = [tate] = tate 'vader',
/teta/ = [teta] = teta 'afsny'.

Die volgende kombinasies van /t/ met ander foneme word
aangetref :

(i) Met nasale : Vgl. geaspireerde nasale, p.68.

(ii) Met die halfvokale /w/ en /j/ :

/tw/ = [tw], bv. Kw. /twa/ = [twa] =
twa 'steek/stamp',
Nd. /twaka/ = [twaka] =
twaka 'klapgeluid van
hande' (ideofoon);

/tj/ = [tj]¹⁾, bv. Kw. /tjava/ = [tjava] =
tyava,
Nd. /tjaja/ = [tjaja] =
tyaya 'hout versamel'.

/k/ = [k], die stemlose velêre eksplosief, bv.

Kw. en Nd. /okakambe/ = [ɔkakambe] =
okakambe 'perd',

/ka/ = [ka] = ka ' 'n boom vel'.

Die volgende kombinasies van /k/ met ander foneme word aangetref:

(i) Met nasale : Vgl. geaspireerde nasale, p.68.

(ii) Met die halfvokaal /w/ :

/kw/ = [kw], bv. Kw. en Nd. /okwene/ = [ɔkwene] =
okwenye 'warm, droë seisoen'.

58/.....

1) Vgl. ook kombinasies van /j/ met konsonantfoneme, p.78e.v.

(b) FRIKATIEWE

/v/ = [v], die stemhebbende labio-dentale frikatief, bv.

Kw. /evava/ = [ɛvava] = evava 'vlerk',

Nd. /vala/ = [vala] = vala 'baar/voortbring'.

Die volgende kombinasies van /v/ met ander foneme word aangetref :

(i) Met nasale :

/mv/ = [mv], bv. Nd. /omvula/ = [omvula] = omvula 'reën'.

In hierdie kombinasie kom [m] altyd as die labio-dentale nasaal voor. Aangesien [m] nooit anders as 'n lid van die /m/-foneem voorkom nie, vereis dit nie spesiale ortografiese aanduiding nie.

(ii) Met die halfvokaal :

/vj/ = [vj]¹⁾, bv. Kw. /vjula/ = [vjula] = vyula 'reguit maak';

/vw/ = [vw], bv. Nd. /vwavuka/ = [vwavuka] = vwavuka 'stukkend maak'.

(iii) Met nasale en halfvokale:

/mvw/ = [mvw], bv. Nd. /mvumvwa/ = [mvumvwa] = mvumvwa 'vuil of vol stof laat raak'.

1) Vgl. ook kombinasies van /j/ met konsonantfoneme, p.78e.v.

/f/ = [f], die stemlose labio-dentale frikatief, bv.

Kw. /fefenga/ = [fɛfenga] = fefenga 'glad pleister',

Nd. /fala/ = [fala] = fala 'wegbring'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokale /w/ en /j/ :

/fw/ = [fw], bv. Kw. /hafifwa/ =

[hafifwa] = hafifwa 'blymaak',

Nd. /fwana/ = [fwana] = fwanya 'kar-plaks'

(ideofoon);

/fj/ = [fj]¹⁾, bv. Kw. /fje/ = [fjɛ] = fye 'pers. vnw., 1ste pers. mv.'.

/θ/ = [θ], die stemlose interdendale frikatief, bv.

Nd. /futiθa/ = [futiθa] = futitha 'betaal' (Kous.),

/omfuθi/ = [ɔmfuθi] = omufuthi 'dief'.

Met betrekking tot /θ/ bestaan daar in Nd. sekere woorde wat onverander uit Kw. oorgeneem is.

Gevolgluk word 'n Kwanyama-vorm seos efano 'foto/prent', en nie die Ndonga-vorm ethano nie, gewoonlik gehoor.

Die ekwivalent van Nd. /θ/ is in Kw. /f/.

60/.....

1) Vgl. ook kombinasies van /j/ met konsonantfoneme, p. 78.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/θw/ = [θw], bv. Nd. /θiθwa/ = [θiθwa] =
thithwa 'word gesif'.

Vroeër is hierdie foneem ortografies voorgestel met s, dog vanweë die onpraktiese diakritiese teken word die implementering van th (na analogie van Engels) aanbeveel. Aangesien [t] nooit geaspireer as [th] in die taal voorkom nie, kan h nie verkeerdelik as die gebruikelike simbool vir aspirasie aangesien word nie.

/ð/ = [ð], die stemhebbende interdendale frikatief, bv.

Nd. /ðana/ = [ðana] = dhana 'speel',
 /ðɛŋga/ = [ðɛŋga] = dhenga 'slaan'.

Die volgende kombinasies van /ð/ met ander foneme word aangetref :

(i) Met nasale:

/nð/ = [nð], bv. Nd. /onðila/ = [ɔnðila] =
ondhila 'voël'.

(ii) Met die halfvokaal /w/ :

/ðw/ = [ðw], bv. Nd. /vuðwa/ = [vuðwa] =
vudhwa 'word uitgetrek'.

(iii) Met nasale en halfvokale:

/nðw/ = [nðw], bv. Nd. /nðunðwa/ = [nðunðwa] =
ndhundhwa 'swanger word'.

Vroeër is [ð] ortografies voorgestel met z, wat ook die simbool vir [ð] in die ortografie van Herero ¹⁾ is, bv. /oðongombe/ = [ɔðɔngombe] = ozongombe 'beeste'.

Vanweë die onpraktiese diakritiese teken word die implementering van dh ²⁾ as stemhebbende ekwivalent van th in die ortografie aanbeveel. Net soos in die geval van th kan h ook hier geen probleem skep as gebruikelike simbool vir aspirasie nie.

/z/ = [z], die stemhebbende alveolêre frikatief,
bv. Nd. /ziza/ = [ziza] = ziza 'groen wees',
/zala/ = [zala] = zala 'klee'.

Dit kom voor in kombinasie met die nasaal /n/ :

/nz/ = [nz], bv. Nd. /onzinzi/ = [ɔnzinzi] = onzinzi 'koei'.

62/.....

1) Die ortografie van P.H. Brincker.

2) Die huidige ortografiese simbool dh is ontleen aan die Romeinse fonetiese simbool [dh] vir die Hebreeuse ekwivalent van Nd. [ð]. Vergelyk Davidson & Mc Fadyen : An Introductory Hebrew Grammar, pp.4, 30 oor [dh] lene en [d] forte. Vergelyk ook Coulson e.a. : Oxford Illustrated Dictionary, p. (ix) oor dh in woorde soos this, then.

/s/ = [s], die stemlose labio-alveolêre frikatief.
Die artikulasieplekke by die vorming hiervan
is die bo-lip en die alveolus, terwyl die
onderlip en die tongpunt die artikulatore is.

Nd. /sa/ = [sa] = sa 'sterf',
/uusama/ = [u:ɣama] = uusama 'onhandigheid/
domheid'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/sw/ = [sw], bv. Nd. /soswa/ = [sɔɣwa] =
soswa 'word bang
gemaak'.

/ʃ/ = [ʃ], die stemlose palato-alveolêre frikatief,
bv.

Kw. en Nd. /ʃaʃamina/ = [ʃaʃamina] =
shashamina 'besprinkel'.

In die klankstelsel van Kw. bestaan geen [s]
nie. Na analogie van [ʃ] word [s] in
woorde van vreemde oorsprong ook gepalataliseer
tot [ʃ], bv. /ʃalomo/ = [ʃalɔmɔ] = Salomo.

Die volgende kombinasies van /ʃ/ met ander foneme
word aangetref:

(1) Met nasale:

/nʃ/ = [nʃ], bv. Nd. /onʃeno/ = [ɔnʃɛnɔ] =
onsheno 'bloeisel'.

Aangesien die tongpunt vanaf die

artikulasiepunt van [n] oor die artikulasieplek van [t] na dié van [ʃ] gaan, is 'n geringe hoorbaarheid van [t] waarneembaar tussen [n] en [ʃ]. Dit is nie distinkties in die taal nie en vereis derhalwe geen spesiale ortografiese aanduiding nie.

(ii) Met die halfvokaal /w/ :

/ʃw/ = [ʃw], bv. Kw. en Nd. /ʃaʃwa/ = [ʃaʃwa] = shashwa 'word gedoop'.

/ʎ/ = [ʎ], die stemhebbende velêre frikatief. B./ʎ/ bestaan nog as foneem in sommige Bantoetale van Suidwes-Afrika, onder andere in Ndonga, bv.

/ʎuʎula/ = [ʎuʎula] = gugula 'kaalvrete'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/:

/ʎw/ = [ʎw], bv. Nd. /ʎweḏa/ = [ʎweḏa] = gwedha 'blaf'.

/h/ = [x~ħ]. Die stemlose velêre frikatief [x] staan nooit in opposisie tot die stemhebbende glottale frikatief [ħ] nie. Gevolglik is [x] en [ħ] posisionele variante van dieselfde foneem.

As foon vertoon [x] van Kw. en Nd. 'n baie

nou ooreenkoms met die stemlose velêre frikatief op grond van hulle velêre en frikatiewe eienskappe, maar word met minder friksie uitgespreek. Dit het meer velêre as palatale eienskappe en is nader aan [x] (vgl. Skots „loch” en Duits „ach”) as aan [ç] (vgl. Duits „ich”), bv.

Kw. /ohuhwa/ = [ɔxuxwa] = ohuhwa 'hoender',
Nd. /humbata/ = [xumbata] = humbata 'dra'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/hw/ = [xw], bv. Kw. /ohuhwa/ = [ɔxuxwa] = ohuhwa,
Nd. /ondzuhwa/ = [ɔndzuxwa] = ondjuhwa 'hoender'.

As enkelfoneem word /h/ soos volg voor vokale aange-
tref :

Kw. /ohove/ = [ɔhove] = ohove 'os',
Nd. /ha/ = [h̥a] = ha 'ontkenningsmorfeem van die
Kopulatief'.

In woorde van suiwer oorsprong kom [h̥] in Nd.
slegs voor in ha. In Kw. word [h̥] stemlose
[x] sodra dit gevolg word deur

- (i) /u/ of /w/, bv. /hula/ = [xula] = hula 'eindig',
/hwema/ = [xwema] = hwema 'sis';
(ii) /e/ of /o/, bv. /he/ = [xɛ] = he 'sy/haar vader',
/ho/ = [xɔ] = ho 'jou vader'.

Gevolg deur /e/ of /o/ in gewone selfstandige naam-
woorde, word [x] weer stemhebbend, bv.

/ehela/ = [ɛhela] = ehela 'bede',
/hola/ = [hola] = hola 'bemin'.

Argaïstiese vorme vir [x] in ho en he bestaan nog by
indiwidue in uitspraak as [ɔ] en [ɛ].

(c) LATERALE

/l/ = [l ~ ɾ], die stemhebbende alveolêre lateraal, bv.

Kw. /lafa/ = [lafa] = lafa 'belek',

Nd.-/lulu/ = -[lulu] = -lulu 'bitter/suur'.

Die foneem /l/ word soms gerealiseer deur 'n stemhebbende geflapte vibrant [ɾ] waar die lugkolom slegs 'n enkele keer onderbreek word. Omdat [l] en [ɾ] fonologies irrelevant is, is hulle posisionele variante van dieselfde foneem, bv.

Kw. en Nd. /mbali/ - [mbali ~ mbaci] =
mbali 'twee'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokale /w/ en /j/:

/lw/ = [lw ~ ɾw], bv. Kw. /lwa/ = [lwa] = lwa 'veg',

Nd. /olwenge/ = [ɔlwenge] =
olwenge 'stronkbeweiding'.

Soms word [lw] gerealiseer deur die variant [ɾw],
bv. Kw. en Nd. /olwendo/ = [ɔlwendo ~ ɔɾwendo] =
olwendo ' 'n reis'.

/lj/ = [lj] ¹⁾, bv. Kw. en Nd. /lja/ = [lja] =
lya 'eet'.

66/.....

1) Vgl. ook kombinasies van /j/ met konsonantfoneme, p.78.

(d) NASALE

/m/ = [m], die stemhebbende bilabiale nasaal, bv.

Kw. en Nd. /meme/ = [mɛmɛ] = meme 'moeder',

/mona/ = [mɔna] = mona 'sien'.

Dit kom voor in kombinasie ¹⁾ met die halfvokale /w/ en /j/ :

/mw/ = [mw], bv. Kw. /mwamwala/ = [mwamwala] = mwamwala 'rondloop',

Nd. /mwa/ = [mwa] = mwa 'gras
sny';

/mj/ = [mj], bv. Kw. en Nd. /mja/ = [mja] = mya 'sloer'.

/n/ = [n], die stemhebbende alveo-dentale nasaal, bv.

Kw. en Nd. /nana/ = [nana] = nana 'uitstrek'.

Die volgende kombinasies van /n/ met ander foneme word aangetref :

(1) Met die halfvokaal /w/ :

/nw/ = [nw], bv. Kw. en Nd. /nwa/ = [nwa] = nwa 'drink'.

67/.....

1) Verder kombinasies van die nasale /m/ en /n/ met konsonantfoneme is onder die betrokke konsonantfoneme behandel. Vgl. p.54 e.v.

(ii) /ŋg/ = [ŋg], is 'n nasaalkombinasie en verskyn as sodanige saamgestelde foneem in die volgende gevalle :

(a) In selfstandige naamwoorde van die o-dierklas (B. klas 9), bv.

Kw. /ongobe/ = [ɔŋgobe] = ongobe,

Nd. /ongombe/ = [ɔŋgɔmbe] = ongombe
'bees' < *ni-gombe;

Kw. /ongadu/ = [ɔŋgadu] = ongadu,

Nd. /ongandu/ = [ɔŋgandu] =
ongandu 'krokodil' < *ni-gandu;

Kw. en Nd. /ongoma/ = [ɔŋgoma] =
ongoma 'trom' < *ni-goma .

In hierdie kombinasie word die eksplosief voorafgegaan deur sy homorgane nasaal.

(b) In woordstamme, waar dit nog nie as saamgestelde foneem bewys kan word nie, bv. Kw. en Nd. /longa/ =

[lɔŋga] = longa 'werk/leer',

/tunga/ = [tɔŋga] = tunga
'bou'.

'n Verbinding van hierdie kombinasie met die halfvokaal /w/ word aangetref :

/ŋgw/ = [ŋgw], bv. Kw. en Nd. /ongwe/ =
[ɔŋgwe] = ongwe 'luiperd'.

/ɲ/ = [ɲ], die stemhebbende palatale nasaal, bv.

Kw. /opofi/ = [ɔpɔfi] = onyofi,

Nd. /opoθi/ = [ɔpɔθi] = onyothi 'ster'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/ɲw/ = [ɲw], bv. Kw. /opwa/ = [ɔpwa] = onywa
'pylkoker',

Nd. /kupwa/ = [kupwa] =
kunywa 'word geknaag'.

Geaspireerde nasale

'n Besondere kenmerk in die klankstelsel van Kw. en Nd. is die stemlose geaspireerde nasale. Wanneer die nasale /m/ en /n/ kombinasies vorm met /p/, /t/ en /k/, word /m/ en /n/ stemloos en geaspireer. In Kw. het die eksplosiewe /p/, /t/ en /k/ in hierdie kombinasie verdwyn. Die volgende kombinasies, wat distinktiwe opposisies vorm, kom voor :

Kw. /mh/ = [mh], 'n stemlose bilabiaale nasaal met gelyktydige aspirasie, bv.

/omhepo/ = [ɔmhɛpɔ] = omhepo 'wind'
< om-hepo < ^{*}ni-pepa.

In sekere selfstandige naamwoorde word oorspronklike stamme nog teruggevind, bv. ongobe omhofi 'blinde bees' teenoor oupofi 'blindheid' < B.-popu.

Die eksplosief word voorafgegaan deur sy homorgane nasaal.

Distinktiwe opposisies van /mh/ met /m/ word aangetref. Die fonologiese opposisie is geleë in die stemhebbendheid van [m] teenoor die stemloosheid van [mh], bv.

/omhango/ = [ɔmhango] = omhango 'gebod/
bevel',

/omango/ = [ɔmango] = omango 'soort
insek' (mv.);

/omhata/ = [ɔmhata] = omhata 'getwis',

/omata/ = [ɔmata] = omata 'druppels';

/omhako/ = [ɔmhako] = omhako 'filtreer-
fuik',

/omako/ = [ɔmakɔ] = omako 'oorskiet van
gestampde
koring'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokale /w/ en /j/ :

/mhw/ = [mhw], bv. /omhwe/ = [ɔmhwe] =
omhwe 'swak gehalte
mahangu' ¹⁾;

/mhj/ = [mhj], bv. /omhja/ = [ɔmhja] =
omhya 'kryt'.

70/.....

1) Graansoort wat dien as stapelvoedsel van die Ovambo.

Kw. /nh/ = [nh], 'n stemlose alveo-dentale nasaal met gelyktydige aspirasie, bv.

/onhana/ = [ɔnhana] = onhana 'kalf'
 <on-hana < *ni-tana. Die oorspronklike stam word nog teruggevind in die diminutiewe oka-tana.

Distinktiwe opposisies van stemlose /nh/ met stemhebbende /n/ word aangetref, bv.

/tanha/ = [tanha] = tanha 'bedreig',
 /tana/ = [tana] = tana 'vermeerder';

/tunha/ = [tunha] = tunha 'stamp',
 /tuna/ = [tuna] = tuna 'grond opstoot';

/oʃinhona/ = [ɔʃinhɔna] = oshinhona 'epilepsie',
 /oʃina/ = [ɔʃinɔna] = oshinona 'slegte kind'.

Dit kom voor in kombinasie met die half-vokale /w/ en /j/ :

/nhw/ = [nhw], bv. /onhwa/ = [ɔnhwa] = onhwa 'arend';

/nhj/ = [nhj], bv. /onhja/ = [ɔnhja] = onhya 'merk op die vel as gevolg van bloed-lating'.

/ŋh/ = [ŋh], 'n stemlose velêre nasaal met gelyktydige aspirasie, bv.

/eēghaku/ = [ɛ:ŋhaku] = eēghaku 'skoene'
< een-haku < *ni-kaku. Die oorspronklike stam word nog teruggevind in die ekv. olu-kaku.

Die eksplosief word voorafgegaan deur sy homorgane nasaal /ŋ/.

Distinktiwe opposisies van stemlose /nh/ met stemhebbende /n/ word aangetref, bv.

/oŋha/ = [ɔŋha] = oŋha 'klewerigheid',
/ona/ = [ɔna] = ona 'luis';

/eŋhono/ = [ɛŋhono] = eŋhono 'doring-bossoort',
/enono/ = [ɛnono] = enono 'befoeterde koei'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/ŋhw/ = [ŋhw], bv. /nāghwe/ = [nāghwe] = nāghwe 'kwêvoel'.

Die ekwivalente van Kw. /mh/, /nh/ en /ŋh/ is in Nd. /mhp/, /nht/ en /ŋhk/, waar die fonologiese opposisie geleë is in /p/, /t/ en /k/, voorafgegaan deur 'n stemlose nasaal.

/mhp/ = [mhp], bv. /omhpito/ = [ɔmhpito] =
ompito 'uitgang' < omh-pito < *ni-pita.

In sekere selfstandige naamwoorde word oorspronklike stamme nog teruggevind, bv.
 oompale, ekv. olu-pale 'dorsvloer' < B.-pala.

In die kombinasie /mhp/ word die eksplosief voorafgegaan deur sy homorgane nasaal.
 Dit kom voor in kombinasie met die halfvokale /w/ en /j/ :

/mhpw/ = [mhpw], bv. /mhpwakuka/ =
 [mhpwakuka] = mpwakuka 'skielik
 stukkend raak';

/mhpj/ = [mhpj], bv. /omhpja/ = [ɔmhpja] =
ompya 'kryt'.

/nht/ = [nht], bv. /onhtali/ = [ɔnhtali] =
ontali 'ooggetuie' < onh-tali < *ni-tala.

In sekere selfstandige naamwoorde word oorspronklike stamme nog teruggevind, bv.
 oonteni, ekv. olu-teni 'droogte/hitte'.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokale /w/ en /j/ :

/nhtw/ = [nhtw], bv. /tanhtwa/ = [tanhtwa] =
tantwa 'word gedans/gespring';

/nhtj/ = [nhtj], bv. /onhtjololola/ =
 [ɔnhtjololola] = ontyololola
 'visvanger-voël'.

/ŋhk/ = [ŋhk], bv. /oŋhkondo/ = [oŋhkondo] =
onkondo 'drif' < onh-kondo < *ni-konda.

In sekere selfstandige naamwoorde word oorspronklike stamme nog teruggevind, bv. oonkuni 'vuurmaakhout', ekv. olu-kuni < B. -kuni.

Die eksplosief word voorafgegaan deur sy homorgane nasaal.

Dit kom voor in kombinasie met die halfvokaal /w/ :

/ŋhkw/ = [ŋhkw], bv. /kuŋhkwa/ =
[kuŋhkwa] = kunkwa 'word glad geslyp'.

Die stemhebbende gedeelte van die geaspireerde nasale is redelik beperk. In Nd. [mhp], [nht], [ŋhk] is dit byvoorbeeld gemiddeld slegs 23% ¹⁾ van die totale lengte van die kombinasie. As gevolg hiervan word die betrokke nasaalverbindings, sowel as hulle ekwivalente, Kw. [mh], [nh], [ŋh], as stemloos geaspireer beskou. Aangesien hierdie kombinasies in Nd. nooit anders as nasaal-geaspireer voorkom nie, is die aanduiding van aspirasie in die ortografie nie nodig nie. In Kw. word die aspirasie deur die gebruiklike simbool h aangedui.

74/.....

1) Damman, prof. E. : Stimmlose Nasale im Ndonga.
Zeitschrift für Phonetik, Bd. 10, 1957, pp. 120-126.

(e) AFFRIKATE

/ts/ = [t͡s], die stemlose labio-alveolêre affrikaat.

Die vorming van die frikatiewe element van hierdie affrikaat geskied net soos in die geval van [s]¹⁾, terwyl [t] gelabialiseer word, bv.

Nd. /otse/ = [ɔt͡sɛ] = otse 'pers.vnw.,
1ste pers.(mv.)',
/tsa/ = [t͡sa] = tsa 'steek'.

Die volgende kombinasies van /ts/ met ander foneme word aangetref :

(i) Met nasale :

/nts/ = [nt͡s], bv. Nd. /ontsa/ =
[ɔnt͡sa] = ontsa 'arend'.

(ii) Met nasale en halfvokale :

/ntsw/ = [nt͡sw], bv. Nd. /antswa/ =
[ant͡swa] = antswa 'word
geklap'.

75/.....

1) Vgl. p.62.

/dʒ/ = [dʒ], die stemhebbende palato-alveolêre affrikaat, bv.

Kw. /dʒala/ = [dʒala] = djala 'aantrek/klee',
/ombadʒa/ = [ombadʒa] = ombadja 'bors'.

Soms word [dj] waargeneem as variant van [dʒ].
Fonologies is hulle irrelevant, en gevolglik word
geen afsonderlike ortografiese simboolaanduiding
vereis nie.

Die volgende kombinasies van /dʒ/ met ander
foneme word aangetref :

(i) Met nasale:

/ɲdʒ/ = [ɲdʒ], bv. Kw. en Nd.
/ondʒila/ = [ɔɲdʒila] =
ondjila 'pad',

Nd. /ombandʒe/ = [ɔmbandʒɛ] =
ombandje 'jakkals'.

(ii) Met nasale en halfvokale :

/ɲdʒw/ = [ɲdʒw], bv.

Kw. /endʒwa/ = [ɛɲdʒwa] =
endjwa 'soort swaeltjie',

Nd. /ʎandʒwa/ = [ʎandʒwa] =
gandjwa 'word gegee'.

(f) HALFVOKALE

Halfvokale het kenmerke van sowel vokaal- as konsonantfone. Hoewel die halfvokale [w] en [j] gevorm word met tong- en lipstand soos vir vokaalfone, geskied dit met soveel spanning van die betrokke artikulasie-organe dat konsonantialisasie ¹⁾ plaasvind. Tydens die artikulasie van die halfvokaal neem die lippe aanvanklik die stand van 'n geslote vokaalfoon soos [u] of [i] in, waarna dit onmiddellik oorgaan na 'n daaropvolgende meer ope of sonore vokaalfoon, bv.

u + o > wo 'ook',

i + a > ya 'gaan'.

/w/ = [w], die bilabiale halfvokaal, bv.

Kw. /wa/ = [wa] = wa 'val',

/weda/ = [weda] = weda 'blaf',

Nd. /ewi/ = [ɛwi] = ewi 'klank'.

Die halfvokaal /w/ word ook aangetref in kombinasie met 'n konsonantfoneem wat die halfvokaal voorafgaan ²⁾.

77/.....

1) Vgl. ook devokalisering van /u/ en /i/, p.130.

2) Die betrokke kombinasies word behandel onder kombinasies van konsonantfoneme met halfvokale, p.54 e.v.

/j/ = [j], die palatale halfvokaal, bv.

Kw. en Nd. /ja/ = [ja] = ya 'gaan' (Perf.)

Nd. /jeleka/ = [jɛləka] = yeleka 'meet',

/eji/ = [ɛji] = eyi 'eier',

Kw. /jola/ = [jola] = yola 'lag',

/ejulu/ = [ɛjulu] = eyulu 'neus'.

By sommige Ndongasprekendes word hierdie foon waargeneem as [ʒ], wat nie distinktief van [j] is nie en gevolglik 'n variant van dieselfde foneem is, bv.

/eji/ = [ɛji ~ ʒji] = eyi 'eier',

/jeleka/ = [jɛləka ~ ʒɛləka] = yeleka 'meet'.

Hulle fonologiese irrelevansie maak dit onnodig om dit ortografies deur afsonderlike simbole voor te stel.

Die palatale karakter van [j] is van so 'n aard dat dit dikwels sterk palatale invloed op die voorafgaande konsonantfoon uitoefen ¹⁾. Dit blyk uit die volgende kombinasies ²⁾:

/pj/ = [pj ~ pʃ] , bv. Kw. en Nd. /popja/ = [popja ~ popʃa] = popya 'praat'.

Die palatale eienskappe van [j] is so sterk dat dit dikwels neig tot 'n alveolêre frikatief [ʃ] met geringe labiale eienskappe, bv. [popʃa].

78/.....

1) Vgl. Palatalisasie, p.102 e.v.

2) Verdere kombinasies word behandel onder kombinasies van konsonantfoneme met halfvokale, p.54 e.v.

/tj/ = [tj~tʃ], bv. Kw. /tjava/ = [tjava~tʃava] = tyava 'hout versamel',
vgl. Nd. /tjaja/ = [tjaja] = tyaya.

In Kw. neig [j] in hierdie kombinasie dikwels van 'n suiwer palatale frikatief tot die palato-alveolêre frikatief [ʃ] soos in [tʃava].

/vj/ = [vj~vʒ], bv. Kw. /vjula/ = [vjula~vʒula] = vyula 'reguit maak'

Met labiale eienskappe en sterker gepalataliseer word hierdie kombinasie ook gehoor as [vʒ] soos in [vʒula].

/fj/ = [fj~(f)ʃ], bv. Kw. /fje/ = [fjɛ~(f)ʃɛ] = fye 'pers. vnw.,
1ste pers. (mv.)'

Met labiale eienskappe en sterker gepalataliseer word hierdie kombinasie ook gehoor as [(f)ʃ] soos in [(f)ʃɛ].

/lj/ = [lj~dj], bv. Kw. en Nd. /lja/ = [lja~dja] = lya 'eet' (Perf.).

In teenstelling met [l] wat as enkelfoon swak beklemtoon is, het [lj] as laterale palataal dikwels 'n meer eksplosiewe karakter waardeur verharding van [l] tot [d] plaasvind soos in [dja].

Hoewel hulle as halfvokale, konsonante en glyklanke foneties nie verskil nie, kan daar onderskei word tussen sodanige gebruike van die halfvokale /w/ en /j/.

- (a) As halfvokale, waar dit diachronies wel moontlik is om te bepaal uit watter vokaalfoneem die betrokke halfvokaal ontstaan het.¹⁾
- (b) As konsonante, waar dit distinktiwe foneme verteenwoordig en nie herleibaar is tot die vokaalfoneme /u/ of /i/, of as opsionele glyklank (vgl. (c) hieronder) voorkom nie, bv.

Kw. en Nd. yela 'helder/lig word',
nawa 'goed/mooi';

Kw. yola 'lag', eyulu 'neus',
eyoo 'tand', weda 'blaf',
kuwa 'uitskree';

Nd. yalula 'tel', eyamukulo ' 'n antwoord',
ewi 'klank', eluwa 'dagbreek'.

- (c) As opsionele glyklank tussen twee vokaalfoneme, waar dit nie fonemiese status het nie. Waar naasmekaargestelde vokaalfoneme onafhanklike sillabiese waarde het, kan hulle in sommige gevalle deur 'n glyklank geskei word.

Veral Ndongasprekendes openbaar 'n sterk neiging tot die invoeging van 'n glyklank tussen twee vokaalfoneme. Afgesien van assimilasie²⁾ in gevalle soos osheelo ' 'n deur' < oshi-elo, oshooko 'voorbeen van 'n dier' < oshi-oko,

80/.....

1) Vgl. Devokalisering, par.(i), p.131.

2) Vgl. Assimilasie, par. (ii) p.114.

word sulke woorde ook waargeneem as oshi-(y)elo, oshi-(y)oko, omi-(y)elo, oka-(y)uli. Hierdie (y) moet slegs as 'n glyklank¹⁾ geïnterpreteer word, m.a.w. as 'n fisiologiese noodsaaklikheid, en nie as distinktiwe foneem nie. Om hierdie rede, en ook ter wille van eenvormigheid in die twee tale - Kwanyama gebruik nie die glyklank nie - word dit aanbeveel dat die glyklank nie in die ortografie aangedui word nie. 'n Uitsondering word gevind in Nd. omu-yenda 'kuiergas' < omu-enda (vgl. B. -yenda).

Die neiging tot die gebruik van die glyklank is sterker by die oorgang van 'n geslote na 'n oop vokaalfoneem. Gevolglik leen woorde soos oma-endo 'begraafplase', oka-uli 'kleipotjie', e-imbilo 'lied', e-uvaneko 'belofte' hulle minder tot die invoeging van 'n glyklank as in die geval van omi-elo 'deure', oshi-ela 'yster', uu-ehame 'pynlikheid'.

Met betrekking tot die gebruik van glyklanke word verwys na 'n ondersoek van T.E. Tirronen (1956)²⁾ om die skryfwyse van die sogenaamde vokaalwerkwoorde in die omu-, aa- en e-, oma-klasse van Ndonga vas te stel. Die uitslag is bepaal na die skriftelike weergawe van elf proefpersone en is opsommenderwys soos volg:

81/.....

1) In voorbeelde word dit deurgaans aangedui met (y).

2) Geskrewe, ongepubliseerde manuskrip.

omu-,¹⁾ aa-klas.

1. Met /a/as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die vorm met die glyklank oortref dié sonder die glyklank met 153%, bv. aayaludhi 'geneeshere' teenoor aaludhi < aludha 'genees'.
2. Met /e/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die vorm sonder die glyklank oortref dié met die glyklank met 86%, bv. aaendi 'reisigers' teenoor aayendi < enda 'reis/kuier/besoek'.
3. Met /i/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die vorm sonder die glyklank oortref dié met die glyklank met 580%, bv. aaimbi 'sangers' teenoor aayimbi < imba 'sing'.
4. Met /o/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die vorm sonder die glyklank oortref dié met die glyklank met 710%, bv. aaodhi 'mense wat mik' teenoor aayodhi < odha 'mik'.
5. Met /u/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die vorm met die glyklank blyk slegs 'n uitsondering te wees en word verreweg oortref deur dié sonder die glyklank, bv. aaumbi 'boogskuts' teenoor aayumbi < umba 'skiet'.

82/.....

1) In die enkelvoud vind slegs devokalisering plaas; vgl. (ii), p.131.

e-, oma-klas

In hierdie klas oortref die vorme sonder die glyklank dié met die glyklank sonder uitsondering.

1. Met /a/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die glyklank word oortref met 100% in die enkelvoud en met 157% in die meervoud, bv.
eadho 'bereiking' teenoor eyadho < adha 'bereik'; mv. omaadho teenoor omayadho.
2. Met /e/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die glyklank word oortref met 450% in die enkelvoud en met 400% in die meervoud, bv.
eedhilo 'sluiting' teenoor eyedhilo < edhila 'sluit'; mv. omaedhilo teenoor omayedhilo.
3. Met /i/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam:
Die glyklank word oortref met 580% in die enkelvoud, terwyl dit slegs by wyse van uitsondering in die meervoud voorkom, bv. eithano 'roeping' teenoor eyithano < ithana 'roep'; mv. omaithano teenoor omayithano.
4. In gevalle waar /o/ of /u/ die aanvangsfoneem van die werkwoordstam is, kom die glyklank slegs by wyse van uitsondering voor, bv. eodho 'mikkery' teenoor eyodho < odha 'mik'; mv. omaodho teenoor omayodho; eungusho 'bespreking/pratery' teenoor eyungusho < ungusha 'bespreek'; mv. omaungusho teenoor omayungusho.

OPSOMMING

TABEL VII

GLYKLANK : AA-KLAS

<u>Stamklinker</u>	<u>Met (y)</u>	<u>Sonder (y)</u>	<u>Ander</u>
-a	71	17	11
-e	35	65	
-i	12 $\frac{3}{4}$	87 $\frac{1}{2}$	
-o	11	89	
-u	6	94	
Gemiddeld *	16	84	

* Hierdie gemiddeld sluit nie stamme met /a/ as aanvangsfoneem in nie.

TABEL VIII

GLYKLANK : E-, OMA-KLAS

<u>Stamklinker</u>	<u>Enkelvoud e-</u>		<u>Meervoud oma-</u>	
	<u>Met (y)</u>	<u>Sonder (y)</u>	<u>Met (y)</u>	<u>Sonder (y)</u>
-a	33	67	28	72
-e	18	82	20	80
-i	12	88	9	91
-o	5	95	4	96
-u	6	94	2	98
Gemiddeld	15	85	12 $\frac{1}{2}$	87 $\frac{1}{2}$

84/.....

Dit blyk dus dat die e-, oma-klas nie dikwels die glyklank gebruik nie, terwyl woorde in die aa-klas met /a/ as aanvangsfoneem van die stam graag die glyklank gebruik. In hierdie klas is daar nie die sterk neiging tot die gebruik van die glyklank waar woordstamme 'n ander aanvangsfoneem as /a/ het nie.

Waar drie vokale in Ndonga langs mekaar te staan kom, word die glyklank (y) - waarskynlik na analogie van woorde waar die gebruik daarvan 'n fisiologiese noodsaaklikheid is - ook gehoor in woorde waar die oorgang van een vokaalfoneem na 'n daaropvolgende een nie oor die artikulasiepunt van (y) gaan nie, bv.

aa-(y)opaleki 'skoonmakers', aa-(y)eti
'bringers', aa-(y)imbi 'sangers',
uu-(y)alaali 'doellose rondlopery'

na analogie van voorbeelde soos

ii-(y)ela 'deure', ii-(y)anda 'miershope'.

Ook hier is die glyklank fonologies irrelevant en behoort nie geskryf te word nie, bv.

aa-opaleki, aa-eti, aa-umbi, uu-alaali,
uu-ehame, ii-enditho 'voertuie',
ii-umbitho 'instrumente waarmee geskiet word'.

Waar drie eenderse vokale langs mekaar te staan kom, sou dit moontlik geregverdig kon wees om 'n glyklank ter wille van onderskeiding te skryf. Dit sou dan dieselfde funksie verrig as die koppelteken of deelteken in Afrikaans, bv. uu(y)uli 'potjies',
aa(y)aludhi 'geneeshere', ii(y)imbo 'gesange',
ii(y)iumbi 'dinge wat vanself skiet'.

3. DIAKRITIESE TEKENS

Die veelvuldige aanwending van diakritiese tekens in die skrywe van Bantoetale getuig van die leemtes wat in die verlede reeds aan gevoel is in die Latynse simbolestelsel. Inkonsekwensie in die aanwending daarvan, sowel as uiteenlopende simbolestelsels ¹⁾, het grotendeels daartoe bygedra dat baie tale reeds weggedoen het met diakritiese tekens.

As gevolg van die lastigheid daarvan in die praktyk - veral in skole - is mense geneig om diakritiese tekens eenvoudig weg te laat. Weglating van diakritiese tekens sonder meer is nie aan te beveel nie. Afgesien daarvan dat dit lees en begrip kan bemoeilik, kan blote weglating ook ontoelaatbare betekeniswysiging meebring, bv.

Kw. lēla = [lɛ:la], 'pootuit wees',
lela = [lɛla], 'kinders oppas';

sika = [ʃi:ka], 'bespied',
sika = [ʃika], 'looi';

onadi = [ɔnadi], 'onderwerpskakel van die
omi- of ee-klas, met
betekenis : dit sal een-
dag gebeur dat hulle ...',

oñadi = [ɔnhadi], 'vroulike aanduiding van
beeste, honde, ens.',

oñadi = [ɔnhadi], 'een van die pale waarvan
die mat van 'n Ovambobed
gemaak is';

1) Vgl. tabelle IV en V.

omeke = [omeke], 'in die hand',
omeke = [omheke], 'vrug van die omupeke-boom'.

Nd. onzi = [onɓi], 'skaap',
onzi = [onzi], ' 'n vlieg';

sisila = [θiθila], 'sif' (Appl.),
sisila = [sisila], 'gebukkend ingaan';

osilwa = [ɔʃilwa], ' 'n akker grond',
osilwa = [osilwa], 'hamer'.

Ekonomiese, tipografiese en praktiese oorwegings speel 'n belangrike rol in die weglating van diakritiese tekens in Kwanyama en Ndonga. Veral vanweë die onvermoë van die drukpers ¹⁾ om sulke bykomende simbole te voorsien, word pogings aangewend om weg te doen met diakritiese tekens. Daarbenewens leen die klankstelsel van Kwanyama en Ndonga hom goed tot die formulering van 'n ortografie wat nie van diakritiese tekens hoef gebruik te maak nie.

87/.....

1) Alle drukwerk in Kw. en Nd. vir skool- en godsdiensdoeleindes word tans onderneem deur die Finse Sendingdrukkery te Oniipa, Ovamboland. Die geringe opplaag kan uit die aard van die saak nie die belangstelling van die kommersiële drukpers wek nie.

4. VOORGESTELDE PRAKTIESE ORTOGRAFIE

'n Ortografie behoort nie meer simbole te gebruik as wat nodig is nie. Aangesien die foneem die funksionele eenheid in die klankstelsel van 'n taal is - en psigologies ook as 'n eenheid in die gees van die gebruiker van die taal bestaan - behoort elke foneem in 'n praktiese ortografie deur een simbool voorgestel te word. Die gebruik van afsonderlike simbole vir elke lid van 'n foneem is dikwels oorbodig en skep onderskeidings wat nie distinkties in die taal is nie. Gevolglik is sulke simbole slegs 'n struikelblok vir die gebruiker van die taal, en behoort dit sover moontlik vermy te word.

Daar moet sorg gedra word dat die foneme in skrif voorgestel word deur simbole wat maklik deur die sprekers van die taal begryp en vertolk kan word. Ook moet daar rekening gehou word met bestaande ortografiese tradisies omdat algehele nuwe voorstellings nie vir 'n gemeenskap aanvaarbaar sal wees nie. Aangesien inkonsekwensie in die voorstelling van eenderse foneme in die twee taalgroepe onnodige verwarring mag skep, behoort ook dit sover moontlik vermy te word.

In die vergelykende tabel van ortografieë op bladsy 88 verteenwoordig kolom 2 en 3 die skryfwyses van Etamenti lipe nomapsalme (Kwanyama) en Ombibeli ondjapuki (Ndonga) onderskeidelik. Die Bybelse ortografie word gekies vanweë die uiteenlopende bestaande ortografieë. Die voorgestelde nuwe ortografie word in kolom 4 aangegee.

TABEL 1X
VOORGESTELDE ORTOGRAFIE

<u>Foneties</u>	<u>Bestaande ortografie</u>		<u>Voorgestelde ortografie</u>
<u>Vokale</u>	<u>Kw.</u>	<u>Nd.</u>	
[i]	i	i	i
[i:]	ī	ii	ii
[e]	e	e	e
[e:]	ē	ee	ee
[a]	a	a	a
[a:]	ā	aa	aa
[o]	o	o	o
[o:]	ō	oo	oo
[u]	u	u	u
[u:]	ū	uu	uu
<u>Konsonante</u>			
[b]	b	-	b
[mb]	mb	mb	mb
[bw]	(bu) ¹⁾	(bu)	bw
[mbw]	mbu	mbu	mbw
[mbj]	(mbj)	mbj	mbj
[p]	p	p	p
[mhp]	-	mp	mp
[mhpw]	-	mpu	mpw
[mhpj]	-	mpj	mpj
[mh]	m̥	-	mh
[mhw]	m̥u	-	mhw
[mhj]	m̥i	-	mhy
[pw]	pu	pu	pw
[pj]	pi	pj	py

89/.....

1) Simbole tussen hakies kom nie in die genoemde publikasies voor nie. Volgens die ortografiese patroon van die betrokke werke sou sulke fone wel op die wyse voorgestel gewees het.

Foneties	Bestaande ortografie		Voorgestelde ortografie
<u>Vokale</u>	<u>Kw.</u>	<u>Nd.</u>	
[pjw]	-	(pju)	pyw
[d]	d	-	d
[nd]	nd	nd	nd
[dw]	du	-	dw
[ndw]	ndu	ndu	ndw
[ndj]	ndi	ndj	ndy
[t]	t	t	t
[tw]	tu	tu	tw
[tj]	ti	-	ty
[nht]	-	nt	nt
[nhtw]	-	ntu	ntw
[nhtj]	-	(ntj)	nty
[nh]	ñ	-	nh
[nhw]	ñu	-	nhw
[nhj]	ñi	-	nhy
[k]	k	k	k
[kw]	ku	ku	kw
[nhk]	-	nk	nk
[nhkw]	-	nku	nkW
[ŋh]	ñ	-	ngh
[ŋhw]	ñu	-	ngHW
[v]	v	v	v
[vj]	vi	-	vy
[ŋv]	-	mv	mv
[vw]	-	(vu)	vw
[mvw]	-	(mvu)	mvw
[f]	f	f	f
[fw]	fu	(fu)	fw
[fj]	fi	-	fy
[θ]	-	s [^]	th
[θw]	-	s [^] u	thw
[ð]	-	z [^]	dh
[nð]	-	nz [^]	ndh
[ðw]	-	zu [^]	dhw

Foneties	Bestaande ortografie		Voorgestelde ortografie.
<u>Vokale</u>	<u>Kw.</u>	<u>Nd.</u>	
[nōw]	-	(n _u z)	ndhw
[z]	-	z	z
[nz]	-	nz	nz
[s]	-	s	s
[sy]	-	su	sw
[ʃ]	s	š	sh
[nʃ]	-	nš	nsh
[ʃw]	su	š _u	shw
[ɣ]	-	g	g
[ɣw]	-	gu	gw
[h]	h	h	h
[x]	x	h	h
[xw]	xu	(hu)	hw
[l~ɫ]	l	l	l
[lw]	lu	lu	lw
[lj]	li/lj	lj	ly
[t _s]	-	ts	ts
[nt _s]	-	nts	nts
[nt _s w]	-	(ntsu)	ntsw
[d _ʒ]	dj	-	dj
[nd _ʒ]	ndj	ndʃ	ndj
[nd _ʒ w]	ndju	ndʃ _u	ndjw
[m]	m	m	m
[mw]	mu	mu	mw
[mj]	mi	mj	my
[n]	n	n	n
[nw]	nu	nu	nw
[ɲ]	nj	ñ	ny
[ɲw]	nju	ñ _u	nyw
[ŋ]	ng	ng	ng
[ŋw]	ngu	ngu	ngw
[w]	u	u	w
[j]	j	j	y

Ten einde te illustreer in hoeverre die voorgestelde ortografie suksesvol in die praktyk toegepas kan word, word Psalm 23 by wyse van vergelyking geplaas in beide die Bybelse en die voorgestelde ortografieë ¹⁾ van Kwanyama en Ndonga.

KWANYAMA

(a) Jehova oje omufita omua.

(b) Jehova Oye omufita omuwa.

1. (a) Epsalme la David. Jehova omufita uange; ame ihandi hepa sa.
(b) Epsalme laDavid. Jehova omufita wange; ame ihandi hepa sha.
2. (a) Oje ota lifange momuidi mutalala, ndele ota tualange komeva matalala.
(b) Oye ota lifa nge momwidi mutalala, ndele ota twala nge komeva matalala.
3. (a) Ota tulumukifa omuenjo uange; ota endifange ondjila ja juka molu edina laje.
(b) Ota tulumukifa omwenyo wange, ota endifa nge ondjila ya yuka molwedina laye.
4. (a) Ndele ngenge handi ende mefilu lomulaula ihandi tila oudiū, osesi ove u li pamue na ame, odibo joje nekuafo loje tali tulumukifange.
(b) Ndele ngenge handi ende mefilu lomulaula ihandi tila oudjuu, osheshi ove u li pamwe naame, odibo yoye nekwafo loye tali tulumukifa nge.

92/.....

1) Die Bybelse ortografie verskyn telkens onder (a) en die voorgestelde ortografie onder (b).

5. (a) Ove oto jalelenge osililo kosipala sovanaita na ame. Ove oto vaeka omutue uange nomādi, neholo lange li jadi tū.
- (b) Ove oto yalele nge oshililo koshipala shovanaita naame. Ove oto vaeka omutwe wange nomaadi, neholo lange li yadi tuu.
6. (a) Ouua nefilohenda tali sikulenge omafiku aese, ndele ame ohandi kala mongulu ja Jehova aluse fiyo aluse.
- (b) Ouwa nefilonghenda tali shikule nge omafiku aeshe, ndele ame ohandi kala mongulu yaJehova alushe fiyo alushe.

NDONGA

- (a) Uusita u'Omūua.
- (b) Uusita wOmuwa.

1. (a) Epsalmi lja David. Omūua oje omūsita guandje, inandi pumbua ša.
- (b) Epsalmi lyaDavid. Omuwa Oye omusita gwandje, inandi pumbwa sha.
2. (a) Oye ta gondjīšile ndje mondombe ontalala, ta fala ndje komeja gevululuko.
- (b) Oye ta gondjithile ndje mondombe ontalala, ta fala ndje komeya gevululuko.
3. (a) Omueño guandje ote gu talaleke. Oje te endiša ndje nondjila juuka omoluezina lje.
- (b) Omwenyo gwandje ote gu talaleke. Oye te enditha ndje nondjila yuuka omolwedhina lye.

4. (a) No nando ndi nokuenda mesilu ljomilema, ihe tila ošiponga, ošoka ongoje ua kala pu ngame, onzimbo joje noluondje luoje halu nañuza ndje.
(b) Nonando ndi nokwenda mesilu lyomilema, ihe tila oshiponga, oshoka ongoye wa kala pungame, ondhimbo yoye nolwondje lwoye halu nyanyudha ndje.
5. (a) Ongoje to jaalele ndje ošililo montaneho jaahepeki jandje. Ongoje to guaaka ndje omütse guandje omũguajo, ošitenga šandje šuuzilila.
(b) Ongoye to yaalele ndje oshililo montaneho yaahepeki yandje. Ongoye to gwaaka ndje omutse gwandje omugwayo, oshitenga shandje shuudhilila.
6. (a) Elago nesilohenda tali landula ndje omasiku gandje agehe, no tandi ka kala mo aluhe mongulu f'Omũua.
(b) Elago nesilohenda tali landula ndje omasiku gandje agehe, notandi ka kala mo aluhe mongulu yOmuwa.

HOOFSTUK IV

MORFONOLOGIE

1. DIE BEGRIP MORFONOLOGIE

Morfonologie is „die produk van 'n fonologiese heraanpassing van die taalstruktuur wat plaasvind wanneer bepaalde morfeme vanweë hul funksionering struktureel ontoelaatbare foneemgroepe sou veroorsaak indien 'n fonologiese herrangskikking nie sou plaasvind nie. In die proses van herrangskikking word foneme in so 'n struktureel ontoelaatbare foneemgroep vervang deur struktureel toelaatbare foneme. Die struktureel ontoelaatbare foneme korreleer morfofonemies met die toelaatbare foneme wat gerealiseer word. Daar is geen sprake van morfofonemiese ‚verandering‘ nie, want die heraanpassing vind by die taalgebruiker outomaties en onbewus plaas. Die taalsisteem laat die foneme outomaties reorganiseer volgens strukturele vereistes“ ¹⁾. Pike som dit kortliks op as „the study of the replacements, losses and additions of phonemes in the morphology of a language“. ²⁾

Hierdie onderafdeling van die fonologie bestudeer dus die heraanpassing wat foneme ondergaan wanneer hulle onder bepaalde omstandighede naas mekaar in die taal te staan kom. Die heraanpassing vind op die morfeemgrense plaas, en die heraanangepaste foneem staan bekend as die morfofoneem, bv. Kw. oka-kambe (oka-klas) > o-nghambe (e-klas). Die naasmekaarstelling van

95/.....

1) Ferreira, J.A. : Die fonemiese struktuur van die Sothotale, p.145.

2) Pike, K.L. : Phonemics, p.242.

die foneme /n/ en /k/ is in stryd met die fonologiese struktuur van die taal en vorm 'n ontoelaatbare foneemreeks op die morfeemgrens. Gevolglik vind 'n heraanpassing plaas in die ontstaan van 'n nuwe foneemgroep /nh/.

2. MORFEEM- EN LETTERGRIEPSTRUKTUUR

Alhoewel die morfonologie nou saamhang met die morfolo-
gie, word daar nie in besonderhede op die laasge-
noemde ingegaan nie. Dit is nietemin insiggewend
om kortliks te let op die morfeem- en lettergreep-
struktuur van Kwanyama en Ndonga.

Die selfde lettergreepstruktuur soos van toepassing op ander Bantoetale geld vir Kwanyama en Ndonga. In beginsel bestaan die lettergreep in Kwanyama en Ndonga uit die foneemsegmente KV. Derhalwe bestaan die "woord" normaalweg uit die lettergrepe KV-KV-KV, ens.,

bv. Kw. en Nd. ka ' 'n boom vel' : KV,
 fu-ta 'betaal' (Imperatief, ekv.):
 KV-KV,
 fu-te-ni 'betaal' (Imperatief, mv.)
 KV-KV-KV.

Talle woorde, onder andere alle selfstandige naamwoorde, het vokale as aanvangsfoneme as gevolg van die verdwyning van B.-aanvangskonsonantfoneme, bv.

Nd. ^{*}-o-lu-si-ta-ti 'ontbyt' : ^{*}(K)V-KV-KV-KV-KV,
waar ^{*}(K) as 'n zero-konsonant beskou word.

Behalwe in die geval van affrikate word KK of KKK in dieselfde lettergreep slegs gevind in nasaalverbindings, bv.

Kw. en Nd. u-mba 'skiet' : -V-KKV,
o-mbwa 'hond' : -V-KKKV.

Een-, twee en meerlettergrepige woordstamme kom voor. Tweelettergrepige stamme vorm die oorgrote meerderheid, terwyl meerlettergrepige stamme minder talryk is.

(i) Eenlettergrepige stamme:

Kw. en Nd. olu-pe 'gestalte', oku-fu 'herfs',
oshi-ti 'stok', olu-fo 'beurt'.

(ii) Tweelettergrepige stamme:

Kw. en Nd. oku-ka-la 'om te bly/vertoef',
oku-li-la 'om te huil',
na-wa 'goed/mooi',
ne-na 'vandag/nou'.

(iii) Meerlettergrepige stamme:

Kw. o-mbe-le-la 'vleis',
Kw. en Nd. oku-ta-le-la 'om toesig te hou',
Nd. oku-ga-li-ka-na 'om te bid',
oku-he-mpu-lu-la 'om te bely'.

Nasaalverbindings en verbindings van konsonantfoneme met halfvokale vorm met 'n daaropvolgende vokaalfoneem een lettergreep, bv.

Kw. en Nd. o-kwe-nda 'om te reis/'n reis'.

Soos in Bantoetale in die algemeen word die stam as middelpunt van die lineêre orde van morfeme geneem. Alle morfeme daarvoor word voorvoegsels, en alle morfeme daarna word agtervoegsels genoem.

(a) Voorvoegsels:

- (i) Periferaal, d.w.s. heel aan die begin van die reeks:

Kw. en Nd. oshi-kombo 'bok'.

- (ii) Mediaal, d.w.s. tussen periferaal en die stam:

Kw. oku-li-long-a 'om te leer' (Refleksief),

Nd. omw-i-long-i 'iemand wat homself leer'.

(b) Stammorfeme, d.w.s. nukleêr :

Kw. en Nd. e-long-o 'lering/dogma',
omw-end-i 'reisiger'.

(c) Agtervoegsels:

- (i) Periferaal, d.w.s. heel aan die einde van die reeks:

Kw. long-ifa 'werk' (Kousatief),

Nd. long-itha 'werk' (Kousatief).

- (ii) Mediaal, d.w.s. tussen periferaal en die stam:

Kw. long-if-ile,

Nd. long-ith-ile 'werk' (Kousatief, Perfektum).

In teenstelling met die reëlmattige patroon (KV) van die lettergreep, toon stammorfeme volgens die fonologiese struktuur van die taal die volgende foneemkombinasies:

- KV : Kw. en Nd. olu-/fo/ 'beurt',
oku-/fu/ 'winter',
omu-/ti/ 'boom'.
- V-K : Kw. en Nd. /et/-a 'bring', /il/-a 'kom'.
- KV-K : Kw. en Nd. omu-/kol/-o ' 'n hoes',
Nd. omu-/futh/-i 'dief'.
- V-KV : Kw. e-/isho/ 'oog',
Nd. olw-/inga/ 'horing',
Kw. en Nd. okw-/oko/ ' 'n arm'.
- KV-V : Kw. en Nd. e-/lai/ ' 'n dwaas', oshi-/tai/
'tak', o-/ndjai/ 'generaal',
e-/tau/ 'uittog/vlug'.
- KV-KV : Kw. en Nd. e-/kuma/ 'kluit', omu-/tima/ 'hart'.
- V-KV-K : Kw. omw-/ifan/-i 'uitroeper',
Nd. e-/opal/-eko 'skoonheid'.
- KV-KV-K : Kw. en Nd. e-/kulil/-o 'verlossing',
Kw. omu-/fikam/-eni,
Nd. omu-/thikam/-eni 'doopouer'.
- KV-KV-KV-K : Kw. e-/diladil/-o,
Nd. e-/dhiladhil/-o 'gedagte',
Nd. /dhiginin/-a 'volhard'.

V : Kw. e-/i/ 'eier',
Nd. gw-/e/ 'bes. vnw., omu-klasse'.

K : Kw. en Nd. /k/-a ' 'n boom vel',
/p/-a 'gee',
Kw. /f/-a 'lyk soos',
Nd. /s/-a 'sterf'.

Die stamme in Kw. en Nd. is oorwegend twee- en een-lettergrepig, bv.

Kw. o-hu-hwa 'hoender, -nge 'bes. vnw., 1ste pers. ekv.',
Nd. uu-si-ku 'nag', -ndje 'bes. vnw., 1ste pers.
ekv.'.

Die meerderheid is egter tweelettergrepig, dog meer-lettergrepige stamme kom ook dikwels voor, bv.

Kw. en Nd. o-ngo-ngo-lo-lo 'duisendpoot'.

Meerlettergrepige stamme word ook in samestellings aangetref, bv.

Nd. oka-ta-le-ko-na-wa 'nuuskierigheid',
Kw. omu-lu-me-nhu 'man', Nd. omu-lu-me-ntu,
Kw. omu-ku-lu-ka-di 'ou vrou', Nd. omu-ku-lu-ka-dhi.

3. MORFONOLOGIESE PROSESSE

Die uitspraak van foneme in 'n taal is gedurig onderhewig aan verandering. In die reël vind sulke veranderinge baie langsaam en geleidelik plaas, met die gevolg dat daar in die loop van die ontwikkeling van 'n taal dié tipe veranderinge plaasvind waarvan die onmiddellike oorsake dikwels nie bekend is nie. Ons dink in hierdie verband byvoorbeeld aan klankverskuiwings in Oer-Bantoe.

Die aandag word hier egter meer bepaaldelik gevestig op foneemveranderinge ¹⁾ waarvoor daar beslis duidelike verklarings bestaan. Dit vind plaas in die morfonologiese prosesse soos palatalisasie, labialisering, assimilasie, nasalering, en andere. In sommige tale is hierdie prosesse volop en ingewikkeld, in andere weer min en relatief eenvoudig. Fonologiese veranderinge op morfeemgrense is in Kw. en Nd. minder talryk as byvoorbeeld in die gevalle van die Sotho- en Ngunitale.

In die beskrywing van die foneemverandering of -aanpassing bestaan daar twee rigtings. Die een groep - verreweg die meeste (Doke, Cole, Ziervogel e.a.) - benoem die morfonologiese proses volgens die resultaat. Die ander groep (Meinhof, Endemann e.a.) sien die benaming in die oorsaak van die betrokke morfonologiese proses. As 'n alveolaar, byvoorbeeld, velaar word as gevolg van die invloed van 'n labiaal, word dit labialisering genoem en nie velarisasie soos in die geval van die eerste groep nie. Daar is natuurlik die gevalle in die taal waar die benoeming na die oorsaak en die resultaat dieselfde is.

101/.....

1) Die term word gerieflikheidshalwe gebruik vir die heraanpassing van foneme.

Meinhof is basies diachronies ingestel, waardeur hy na die oorspronklike vorme waaruit foneme ontwikkel het, soek. In ons sinchroniese benaderingswyse word foneemveranderings behandel deur hulle uit die bestaande taal self te probeer verklaar. Gevolglik word in die benoeming van die proses uitgegaan van die resultaat en nie van die oorsaak nie.

Al die betrokke morfonologiese prosesse kan onder die hoofde Assimilasie en Dissimilasie behandel word.

"Assimilation and Dissimilation are really the fundamental causes of all kinds of sound changes. However, it is easier to give each individual sound change a name and to deal with it separately Assimilation is a process in accordance with which two sounds are made similar to each other Dissimilation is the opposite process to Assimilation, i.e. it is a process through which two sounds completely or comparatively similar are so changed that they no longer resemble each other"¹⁾.

Met uitsondering van Dissimilasie self, kan al die prosesse as een of ander vorm van assimilasie beskou word. Die volgende word onderskei:

- A. Palatalisasie: konsonantfoneme met weinig of geen palatale eienskappe word aangepas tot konsonantfoneme met groter palatale eienskappe.
- B. Nasalering: die heraanpassing wat sekere konsonantfoneme ondergaan as gevolg van die invloed van 'n voorafgaande nasaal.

102/.....

1) Ziervogel, D. & Dau, R.S. : A handbook of the Venda Language, p.35.

- C. Assimilasie: 'n bepaalde foneem neem al die kenmerke - of 'n gedeelte daarvan - van 'n voorafgaande of daaropvolgende foneem oor.
- D. Labialisering: konsonantfoneme sonder lipronding word aangepas tot foneme wat met lipronding uitgespreek word.
- E. Samesmelting en Sametrekking: twee vokaalfoneme smelt of trek saam tot 'n nuwe foneem.
- F. Elisie: die weglating van 'n foneem.
- G. Devokalisering: die proses waartydens 'n vokaalfoneem verander na 'n halfvokaal.
- H. Dissimilasie: twee foneme in naasmekaarstelling of in dieselfde omgewing word oneenders gemaak.

A. PALATALISASIE

Dit is in stryd met die fonologiese struktuur van Kw. en Nd. dat /i/, voorafgegaan deur 'n konsonantfoneem, langs 'n daaropvolgende vokaalfoneem te staan kom ¹⁾. Die gevolg daarvan is dat die betrokke konsonantfoneem gepalataliseer word. Gedurende hierdie proses verkry die betrokke konsonantfoneem palatale of meer palatale eienskappe deurdat die artikulasiepunt daarvan verskuif tot een wat nader

103/.....

1) Dit geld nie vir die refleksiewe li- en i- waar die vokaalfoneem sy sillabiese waarde behou nie.

aan die palatum is. Die oorsaak van palatalisasie moet gesien word as die invloed van gesemi-vokaliseerde voorvokale op voorafgaande konsonantfoneme. In Kw. en Nd. is daar slegs een voorvokaal wat hierdie verandering teweeg bring, nl. /i/ wat deur middel van sy halfvokaliëse ekwivalent, die halfvokaal /j/, 'n voorafgaande konsonantfoneem beïnvloed. By die artikulasie van /i/ word die middel tong gelig in die rigting van die palatum as gevolg waarvan dit palatale eienskappe het. Sodra die voorvokaal /i/ onder druk van 'n daaropvolgende vokaalfoneem te staan kom, verander dit na die palatale halfvokaal /j/ wat sy palatale eienskappe oordra op die voorafgaande konsonantfoneem.

Met uitsondering van /ʃ/, /θ/, /x/ en /j/ is alle konsonantfoneme onderhewig aan palatalisasie. Dit kom in die volgende omgewings voor:

(1) Selfstandige naamwoorde in die dierklas (B. klas 9, 10):

Diachronies is dit moontlik om te bepaal hoe palatalisasie in hierdie gevalle plaasgevind het. Die meeste selfstandige naamwoorde het vokaalstamme. Deur die prefigering van die klasvoorvoegsel *ni- het halfvokalisasie van /i/ onder druk van die daaropvolgende vokaalfoneem plaasgevind. Dit het palatalisasie van /n/ tot gevolg gehad, bv.

/n/ > /ɲ/ : Kw. en Nd. onyati 'buffel' < *ni-ati,
Kw. onyofi 'ster' < *ni-ofi, Nd. onyothi,
Kw. en Nd. onyiki 'heuningby' < *ni-iki,
Kw. onyalilo 'in fluit' < *ni-alilo.

(ii) Die diminutiewe agtervoegsel -ona :

Wanneer die diminutiewe agtervoegsel -ona aan selfstandige naamwoorde met /i/ as eindfoneem van die stam gesuffigeer word, word /i/ onsillabies. Die gevolg is palatalisering van die konsonant-foneem wat /i/ voorafgaan, bv.

/b/ > /bj/ : Kw. okambabyona 'jong duikerlam'
< okambabi,
Nd. okambambyona.

/n/ > /ɲ/ : Nd. okangungumanyona 'jong sivetkat'
< okangungumani (vgl. ook
Labialisering).

/t/ > /tj/ : Nd. okanyentyona 'jong eekhorinkie'
< okanyenti,

/d/ > /dʒ/ : Kw. okadjona 'jong skaaplammetjie'
< okadi.

/f/ > /fj/ : Kw. okanyofyona 'klein sterretjie'
< okanyofi.

(iii) Intensiewe vorme van selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde gevorm deur die agtervoegsel -elela :

Palatalisasie vind plaas op dieselfde wyse as in die geval van diminutiewe, bv.

/t/ > /tj/ : Kw. en Nd. omutyelela ' 'n regte boom'
< omuti+elela.

/b/ > /bj/ : Kw. ombabyelela ' 'n opregte duiker'
< ombabi+elela, Nd. ombambyelela.

/p/ > /pj/ : Kw. -hupyelela 'baie kort' < -hupi+elela,
Nd. -fupyelela.

/l/ > /lj/ : Kw. en Nd. ondulyelela ' 'n regte
kameelperd' < onduli+elela.

/n/ > /nj/ : Kw. en Nd. olutenyelela ' 'n kwaai
droogte' < oluteni+elela.

/m/ > /mj/ : Kw. omulimyelela ' 'n opregte
landbouer' < omulimi+elela.

/v/ > /vj/ : Nd. evyelela 'goeie aarde' < evi+elela.

B. NASALERING

Nasalering (nasaalversterking) is die fonologiese proses met die wydste verspreiding in Bantoetale. Dit het betrekking op die wedersydse invloed van foneme op mekaar waarby die voorvoegsel *ni- betrokke is. Hierdie voorvoegsel word in die Bantoetale in die reël gereduseer tot 'n enkele nasale konsonantfoneem /n/. In morfologiese kombinasies oefen dit nie slegs invloed uit op die aanvangskonsonantfoneem van 'n stam nie, maar dit ondergaan self ook 'n heraanpassing onder die invloed van daardie konsonantfoneem.

Die term „nasalering” vir die versterking of verharding dui aan dat 'n nasaal verantwoordelik is vir die foneemverandering wat plaasvind. Die proses ontstaan as gevolg van die naasmekaarstelling van die nasaal /n/ en

'n konsonantfoneem : die nasaal word homorgaan aan die volgende konsonantfoneem en laasgenoemde ondergaan 'n verandering onder die invloed van /n/. In 'n sekere sin is dit dus 'n vorm van assimilasie waarin daar wedersydse beïnvloeding plaasvind.

In nasalering verander die foneme ten opsigte van artikulasiewyse en nie van artikulasieplek nie, bv. die velêre eksplosief /k/ > Kw. /gh/, 'n velêre nasaal, bv.

eenghaku 'skoene < *ni-kaku.

Alle konsonantfoneme word voorafgegaan deur hulle homorgane nasale. Gevolglik word die kombinatoriese variante [n] en [m] voor alveolêre en velêre, en bilabiaale foneme onderskeidelik aangetref.

Nasalering vind in die volgende gevalle plaas:

- (1) Die vorming van selfstandige naamwoorde in die dierklas, Kw. o-/ee-, Nd. o-/oo-(B. klas 9,10):

Deur die prefigering van /n/ voor die eksplosiewe /p/, /t/ en /k/ ontstaan stemlose geaspireerde nasale ¹⁾:

Kw. /p/ > /mh/, bv. -pita > omhito 'uitgang';
/t/ > /nh/, bv. -tana > onhana 'kalf';
/k/ > /nh/, bv. -kaku > eenghaku 'skoene'.

Nd. /p/ > /mhp/, bv. -pita > ompito 'uitgang', of
/mb/ onder invloed van Dahl se
wet van dissimilasie ²⁾, bv.
-pepa > ombepo 'wind/gees';
/t/ > /nht/, bv. -tana > ontana 'kalf', of
/nd/ onder invloed van Dahl se
wet, bv. -tatu > -ndatu 'drie';

107/.....

1) Vgl. Geaspireerde nasale, p.68.

2) Vgl. Dissimilasie, p.140.

/k/ > /ŋhk/, bv. -konda > onkondo 'drif deur 'n
rivier of/ng/ onder invloed van Dahl
se wet, bv. -kaku > oongaku 'skoene';

/j/ > /ndʒ/, bv. -yaba > Kw. ondjaba 'olifant',
Nd. ondjamba;

/v/ > /mb/, bv. -vandje > Kw. ombadje 'jakkals',
Nd. ombandje;

/l/ > /nd/, bv. -landa > Kw. ondado 'prys',
Nd. ondando;

/ð/ > /nð/, bv. -dhingu > Nd. oondhingu 'biltonge';

/ʎ/ > /ŋg/, bv. -godhi > Nd. oongodhi 'vyandig-
hede'.

In sommige gevalle tree die oorspronklike stam
weer te voorskyn sodra sulke woorde in ander
klasse geplaas word, bv.

Kw. e-pulo 'toorkuns' < -pula, vgl.
o-mhulile ' 'n persoon wat die toor-
kuns aangeleer het';
oka-tana 'kalf' < -tana, vgl. o-nhana
'kalf';
olu-kaku 'skoen' < -kaku, vgl. mv.
ee-nghaku;

Nd. olu-pati 'rib' < -pati, vgl. mv.
oo-mbati;
oka-tana 'kalf' < -tana, vgl. o-ntana
'kalf';
olu-kaku 'skoen' < -kaku, vgl. mv.
oo-ngaku;

/ŋ/ > /nŋ/¹⁾, bv. osuuka onshona 'min suiker'
< -shona.

Opmerking:

Tussen Kw. en Nd. bestaan daar 'n verskil wat betref die vorming van deverbatiwe en adjektiewe uit vokaalstamme.

(a) In Nd. neem sulke woorde /mb/ voor die aanvangsfoneem van die stam, bv.

(1) Werkwoorde

/n/ + /u/ > /mbu/ : ombushiki 'bruid'
< *ni - ushika 'die hof maak';
/n/ + /e/ > /mbe/ : ombelela 'vleis'
< *ni - elela 'pap in sous
'doop'.

(2) Adjektiewe

/n/ + /(y)i/ > /mbi/ : onyama ombihu
'rou vleis' < *ni -(y)ihu
'rou';
/n/ + /a/ > /mba/ : oongombe mbali
'twee beeste' < *ni - (y)ali
'twee'.

(b) Die ekwivalente van talle sulke vokaalstamme het in Kw. /v/ as aanvangsfoneem. In die vorming van deverbatiwe en adjektiewe vind nasalering dan normaalweg plaas, bv.

(1) Werkwoorde

/n/ + /v/ > /mb/ : ombelela < *ni - velela.

110/.....

1) Vgl. /nŋ/ op p.62.

(2) Adjektiewe

/n/ + /v/ > /mb/ : eengobe mbali
< *ni - vali.

In hierdie opsig is Kw. nader verwant aan B.
as Ndonga.

In gevalle soos (y)ihu en (y)ali is (y) moontlik 'n oorblyfsel van B./v/, of 'n glyklank wat voor die vokaal te staan gekom en fonemiese eienskappe gekry het. Hoe die geval ookal mag wees, die reël van klankverharding, nl. /v/ > /mb/, laat hom ook hier geld waar B./v/ reeds voor die vokaal verdwyn het. Moontlik na analogie van gevalle waar B. /v/ > /mb/, tree dié betrokke verharding oral voor vokale in - vandaar mbihu < -(y)ihu < B. vihu, mbali < -(y)ali < B. vali.

(iii) Geslag:

In die geval van die twee woorde kadi 'vroulike wese' en lume 'manlike wese' in Kw. vind nasalering plaas wanneer hulle in die funksie van byvoeglike naamwoorde optree saam met selfstandige naamwoorde van die o-/ee-klas (B. klas 9, 10). Dieselfde foneemveranderinge vind plaas soos by die vorming van selfstandige naamwoorde in die genoemde klasse, nl.

/l/ > /nd/, bv. eengobe eendume 'osse',
/k/ > /ŋh/, bv. ongobe onghadi 'koei'.

C. ASSIMILASIE

Assimilasie is die proses waar 'n bepaalde foneem al die kenmerke - of 'n gedeelte daarvan - van 'n voorafgaande of daaropvolgende foneem oorneem. Twee sulke naasmekaargestelde of nabygeleë foneme neig gevolglik om òf identies te word, òf om ooreenstemmende eienskappe te verkry. Dit staan onderskeidelik bekend as algehele en gedeeltelike assimilasie.

Assimilasie kan ook onder twee ander hoofde ingedeel word : progressiewe assimilasie wanneer die tweede foneem gelyk gemaak word aan die eerste, en regressiewe assimilasie wanneer die eerste foneem gelyk gemaak word aan die tweede.

In hierdie proses onderskei ons assimilasie van vokaal- en van konsonantfoneme. Vokaalfoneme assimileer met /a/, /e/, /i/, /o/ en /u/ en konsonantfoneme met /m/ en /n/.

Assimilasie vind in die volgende gevalle plaas:

(i) Werkwoordagtervoegsels:

Konsonant- en vokaalfoneme in werkwoordagtervoegsels kan gedeeltelike of algehele progressiewe assimilasie ondergaan. Die gevolg is die ontstaan van morfeemvariante waarin variasies van konsonant- en vokaalfoneme gekondisioneer word deur voorafgaande konsonant- en vokaalfoneme in die stam. Die algemene reëls vir assimilasie in werkwoordagtervoegsels is:

- (a) Net soos in etlike ander westerse Bantoetale volg ook Kw. en Nd. die reël dat B. /l/ > /n/

wanneer die voorafgaande lettergreep in die werkwoordstam met 'n nasaal begin. Dit het veral betrekking op die Applikatief - el- en die Perfektum B. -ile.

- (b) Die aanvangsfoneem /e/ van die werkwoord-agtervoegsel verander na /i/ wanneer dit voorafgegaan word deur die vokaalfoneme /u/ of /i/ in die werkwoordstam.
- (c) Slegs woorde met /o/ in die stam behou /o/ in die agtervoegsel (Inversief-transitief).

Inversief-transitief : -olol- > -ulul-/-onon-/
-unun-, bv.

Kw. en Nd. komba 'vee' > kombolola 'weer vee',
shuna 'terugkeer' > shunununa 'weer terugkeer',
tunga 'bou/vleg' > tungulula 'herbou',
lima 'ploeg' > limununa 'weer ploeg',

Kw. pona 'sluk' > pononona 'weer sluk',
homa 'halms insteek op die rand van
'n mandjie ten einde die inhoud
te vergroot'
> homonona 'pyle uithaal uit 'n koker',

Nd. manga 'vasbind' > mangulula 'losmaak'.

Kousatief : -ek- > -ik- , bv.

Kw. en Nd. pama 'sterk maak' > pameka 'versterk',
tema 'vuurmaak' > temeka 'goed brand',
loka 'reën' > lokeka 'goed reën'.

Soos in talle ander Bantoetale word dit ook in Kw.
en Nd. deur vokaalassimilasie aangepas tot -ika.
Na /i/ en /u/ in die voorafgaande lettergreep word
hierdie agtervoegsel geassimileer tot -ika, bv.

Kw. en Nd. tunga 'bou/vleg' > tungika 'goed gebou/
gevleg word',

Nd. dhima 'blus' > dhimika 'goed geblus word',
tuta 'vogtig word' > tutika 'bevogtig',
thita 'verstop' > thitika 'toestop',

Kw. uluma 'haas' > ulumika 'aanspoor',
dina 'verag' > dinika 'veragtelik wees'.

(11) Die klasvoorvoegsel gevolg deur 'n vokaalstam :

(a) Die eindfoneem /a/ in die voorvoegsels van
die oma- en oka-klasse van Nd. assimileer
gewoonlik met die aanvangsfoneem van 'n
naamwoordstam, bv.

oma-endo > omeendo 'grafte',
oka-iga > okiiga 'kleipotjie',
oka-uli > okuuli 'erdepotjie'.

- (b) Die eindfoneem /i/ in die voorvoegsel van die oshi-klas van Nd. assimileer gewoonlik met die aanvangsfoneem van die naamwoordstam, bv.

oshi-anda > oshaanda 'miershoop',
oshi-oko > oshooko 'voorheen van 'n dier',
oshi-elo > osheelo 'deur'.

In Kw. vind sodanige assimilasie slegs in hierdie klas plaas, bv.

oshi-ongalele > oshoongalele 'vergadering',
oshi-endo > osheendo 'reis',
oshi-unda > oshuunda 'veekraal'.

Deur te vergelyk met Kw. oshivelo blyk dit duidelik dat sowel elisie as assimilasie voorkom in die fonologiese struktuur van 'n woord soos Nd. osheelo.

- (c) Die eindfoneem /u/ in die voorvoegsel van die oku-klas van Nd. assimileer soms met die aanvangsfoneem van die naamwoordstam, bv.

oku-oko > okooko 'arm'.

'n Gevolg van die proses van assimilasie is dat die sillabiesse waarde van naasmekaargestelde nie-eenderse vokale ingekort word tot een enkele, onverdeelbare lang vokaal.¹⁾

116/.....

1) Vgl. bespreking i.v.m. vokaalverlenging, p. 132 e.v.

(iii) Selfstandige naamwoorde en adjektiewe van B. klas
9, 10:

Nd. /n/ + /p/ > /mb/, bv. ombepo 'wind/gees'
< pepa ;

Kw. en Nd. /n/ + /l/ > /nd/, bv. -nde 'lank'¹⁾
< -le, ens.

(iv) Negatief van die Infinitief in Ndonga:

okwaapandula 'ondankbaarheid/om nie te dank nie'
< oku-ha-pandula,

okwaasa 'onsterflikheid/om nie te sterwe nie'
< oku-ha-sa.

(v) Demonstratiewe:

Algehele of gedeeltelike assimilasie vind in Kw.
plaas in die vorming van Demonstratief I waar die
volgende foneme voor die pronominale stam gevoeg
word:

/e/ indien die eindfoneem van die pronominale
stam /i/ is;

/a/ indien die eindfoneem van die pronominale
stam /a/ is;

/o/ indien die eindfoneem van die pronominale
stam /u/ is, bv.

omu- : o+u > ou,
ova- : a+va > ava;
o- : e+i > ei,
ee- : e+di > edi;
olu- : o+lu > olu,
omalu- : a+a > aa.

117/.....

1) Vgl. ook (i), p.106; (ii), p.108.

(vi) Vokaalharmonie:

Dit is 'n vorm van assimilasië en is 'n kenmerk van veral tweelettergrepige werkwoorde in die Indikatief, Partisipium en Habitualiis . Vokaalharmonie vind plaas wanneer die eindfoneem /a/ van die werkwoord assimileer met die stamklinker, bv.

Kw. Omukongo ota kongo (< konga).
'Die jagter jag'.

Nd. Ota dhenge (< dhenga) okatana.
'Hy slaan die kalf'.

Oya pit_i (< pita).
'Hulle het verbygegaan'.

Die eindfoneme /a/ en /i/ van die onderwerpskakel assimileer met die aanvangsfoneem van die daaropvolgende werkwoordstam:

Nd. Ond_e (< onda) ende 'ek het geloop'.
Oyo (< oya) oloya 'hulle het ryp geword'.
Otan_{du} (< otandi) uka 'ek het weggegaan'.

Die eindfoneem /a/ van die onderwerpskakel word altyd /e/ voor 'n voorwerpskakel of defektië werkwoorde ¹⁾. Die assimilasië in die onderwerpskakel was moontlik aanvanklik veroorsaak deur /i/ van 'n voorwerpskakel met /i/ as eindfoneem, bv.

Kw. onde shi ninga, Nd. onde shi ningi < onda
shi ninga 'ek het dit gemaak'.

118/.....

1) Defektië werkwoorde is werkwoorde wat geen infinitief het nie; wat nie in modi geplaas kan word nie; wat, m.u.v. na 'hê', nie /a/ as eindfoneem het nie, bv. shi 'weet/ken', li 'is', (l)wete 'sien', uvite/udite 'voel/verstaan'.

Deur analogie kom dit by alle voorwerpskakels
voor, bv.

Kw. onde mu denga, Nd. onde mu dhenge
< onda mu denga / dhenga 'ek het hom
geslaan'.

D. LABIALISERING

Labialisering is die proses waarvolgens konsonantfoneme sonder lipronding in bepaalde omgewings so gewysig word dat dit met lipronding uitgespreek moet word. Hierdie verandering tree in onder invloed van die halfvokaal /w/ op 'n voorafgaande konsonantfoneem. Die labialisering van die konsonantfoneem vind gelyktydig plaas met die artikulering van /w/, met die gevolg dat dit ook met lipronding uitgespreek word.

Labialisering vind altyd plaas wanneer 'n agtervokaal of die halfvokaal /w/ na 'n konsonantfoneem volg. Kom dit voor in die stam van 'n woord, staan dit bekend as primêre labialisering, bv. -kwo en -lwo, die absolute voornaamwoordstamme van die oku- en olu-klasse. Waar dit op morfeemgrense plaasvind, heet dit sekondêre labialisering. Dit word in die volgende gevalle aangetref:

(i) Passiewe:

In die vorming van die Passief vind labialisering van konsonantfoneme ¹⁾ plaas as gevolg van die invloed van /w/, bv.

/b/	:	Kw. en Nd.	komb <u>wa</u>	<	komb <u>a</u>	'vee'.
/j/	:		tey <u>wa</u>	<	tey <u>a</u>	'breek'.
/m/	:		tum <u>wa</u>	<	tum <u>a</u>	'stuur'.
/n/	:		mon <u>wa</u>	<	mon <u>a</u>	'sien'.
/p/	:		pep <u>wa</u>	<	pep <u>a</u>	'waai'.
/ʃ/	:		shash <u>wa</u>	<	shash <u>a</u>	'doop'.
/f/	:	Kw.	kuf <u>wa</u>	<	kuf <u>a</u>	'wegneem'.
/v/	:		vav <u>wa</u>	<	vav <u>a</u>	'smeer'.
/θ/	:	Nd.	kuth <u>wa</u>	<	kuth <u>a</u>	'wegneem'.
/ʎ/	:		kug <u>wa</u>	<	kug <u>a</u>	'skree'.

(ii) Deverbatiewe:

Waar dit van toepassing is, vind labialisering op dieselfde wyse plaas as in die geval van passiewe, bv.

Kw. en Nd. omutumwa 'sendeling' < tuma 'stuur',
Nd. omukongwi 'iemand wat gesoek word'
< konga 'soek'.

(iii) Diminutiewe:

Voor die diminutiewe agtervoegsel -ona verander die eindfoneme /a/, /e/, /i/ van selfstandige naamwoorde in die meeste gevalle na /w/ (soms /y/, vgl. Palatalisasie), terwyl die aanvangsfoneem /o/ van
120/.....

1) Hier word nie^{na}al die betrokke konsonantfoneme verwys nie. Alle konsonantfoneme kan gelabialiseer word wanneer dit gevolg word deur /w/.

-ona verander na /e/, bv.

Nd. okantokwēna < okantoka 'mambatjie';
okakambwena (okakambona, vgl. Elisie)
< okakambe 'perd'; Kw. okanhokwena;

Kw. okandjabwena < okandjaba 'olifantjie',
Nd. okandjambwena;

Kw. okambadjwena < okambadje 'jakkalsie'
Nd. okambandjwena;

Nd. okathimbithimbwena (okathimbithimbona,
vgl. Elisie) < okathimbithimbi 'verkleur-
mannetjie';

Nd. okangungumanywena < okangungumani
'sivetkatjie'.

Deur die suffigering van die diminutiewe agter-voegsel -ona ondergaan primêr-gelabialiseerde konsonantfoneme nog sterker labialisering. Dit word daaraan toegeskryf dat /w/ sterker labiale invloed as /o/ op die voorafgaande konsonantfoneem uitoefen.

Kw. en Nd. okakombwena < okakombo 'bokkie',
okangolwena < okangolo 'sebratjie',
okayokwena < okayoko 'slangetjie'.

E. SAMESMELTING EN SAMETREKKING

Samesmelting - die resultaat van die naasmekaarstelling van vokaalfoneme op morfeemgrense - kan gedefinieër word as die proses waarin twee primêre vokaalfoneme saamsmelt om 'n nuwe sekondêre vokaalfoneem te vorm. Die nuwe vokaalfoneem verskil foneties van beide die oorspronklike vokaalfoneme.

Die samesmelting van vokaalfoneme, soos algemeen in Bantoetale, vind gewoonlik plaas wanneer /a/ gevolg word deur /i/ of /u/ in sekere morfologiese konstruksies. Die volgende veranderinge vind in die reël plaas :

/a/ + /i/ > /e/, /a/ + /u/ > /o/, /a/ + /a/ > /a/

Dit kom in die volgende omgewings voor:

- (1) Besitskakel gevolg deur 'n besitlike vokaalvoornaamwoordstam:

Die samesmelting wat hier plaasvind, moet diachronies gesien word. Die onmiddellike indruk wat geskep word, is dat elisie van die eindfoneem /a/ van die besitskakel plaasgevind het. As daar verder teruggegaan word na die oorsprong van die stam, kan geen ander gevolgtrekking gemaak word nie as dat die gewone reël van vokaalsamesmelting gevolg is, nl.

/a/ + /i/ > /e/, /a/ + /u/ > /o/, bv.

1ste pers. mv.	yetu < ya-etu < ya- [*] itu,
2de pers. mv.	weni < wa-eni < wa- [*] ini,
2de pers. ekv.	shoye < sha-oye < sha- [*] uye.

(ii) Die kousatief van sekere monosillabiese werkwoorde:

Die aanvangsfoneem /i/ van die Kousatiefagter-voegsel -if- (Kw.) en -ith- (Nd.) smelt saam met die eindfoneem /a/ van die infinitiewe vorm van die werkwoord en vorm die sekondêre foneem /e/, bv.

Kw. / Nd. pefa / petha < pa 'gee' + ifa / itha,
 kefa / ketha < ka ' 'n boom vel' +
 ifa / itha.

(iii) Demonstratiewe:

By die vorming van die derde afstand van die Demonstratief in Kw. vind samesmelting van vokaalfoneme plaas. Die aanvangsfoneem /i/ van die demonstratief inya smelt saam met die voorafgaande /a/ van die pronominale stam wat daarvoor geprefigeer word, bv.

ovanhū venya 'dáárdie mense' < va+inya,
okambishi kenya 'dáárdie katjie' < ka+inya.

(iv) Selfstandige naamwoorde:

Enkele onreëlmattige selfstandige naamwoorde ontstaan as gevolg van die samesmelting van vokaalfoneme, bv.

Kw. en Nd. oshana 'droë rivier' < oshi-ana;
 Kw. ovana 'kinders' < ova-ana,
 omona 'sy/haar kind' < omu-ona.

(v) Onderwerpskakels:

Sommige onderwerpskakels is gevorm deur die samesmelting van ta- met die pronominale stam. In Kw. en Nd. is die onderwerpskakel, teenwoordige tyd, 2de pers. ekv. to < ta-u ; 3de pers. ekv., ta < ta-a ; Nd. 3de pers. mv., taa < ta-ya. Benewens taa word taya ook gebruik.

In die negatief van die Perfektum is hierdie skakels onderskeidelik ino < ina-u, ina < ina-a en inaa < ina-ya. Benewens inaa word inaya ook gebruik.

- (vi) Die negatiewe ka- van Nd. saam met die onderwerpskakel u, 2de pers. ekv., veroorsaak ku < ka-u, bv. ku li nawa 'jy is nie gesond nie'. Saam met die onderwerpskakel e, 3de pers. ekv., veroorsaak dit ke (kee) < ka-e.

- (vii) Soms ontstaan samesmelting (of sametrekking) van twee vokaalfoneme as gevolg van die verlies van 'n konsonantfoneem tussen hulle:

- (a) Sekere onderwerpskakels van Ndonga, bv. die 1ste pers. ekv. :

Teenwoordige tyd, positief :
ote < ota-i^{** 1)} < otandi;

124/.....

1)** Na die woord dui aan 'n vorm wat teoreties gekonstrueer is en wat nie in die gewone taal bestaan nie. Dit illustreer slegs 'n stadium waardeur die foneme kon beweeg het voor bereiking van die finale vorm.

Ontkenning : ite < ita-i^{**} < itandi.

Habitueel,
positief : ohe < oha-i^{**} < ohandi;

Ontkenning : ihe < iha-i^{**} < ihandi.

In die ontkenning van die Subjunktief is die onderwerpskakels in Nd. samegetrokke vorme :

1ste pers. ekv. : ndaa < ndi ha;

2de pers. ekv. : waa < u ha;

oma-klas : gaa < ga ha;

oo-dierklas : dhaa < dhi ha.

- (b) Voor die enklitiese po, ko, mo en die voorwerpskakel van die 1ste pers. ekv. mag die Imperatiewe uitgang -eni (2de pers. mv.) saamtrek tot -ei en -ii in Kw. en Nd. onderskeidelik, bv.

ilei/ilii mo 'kom binne' < ileni,
pei nge / pii ndje 'gee vir my' < peni,
ka nangalei po nawa 'goeie nag' < nanga-
leni,
ka lalii po nawa 'goeie nag' < laleni.

F. ELISIE

Wanneer 'n kombinasie van morfeme twee vokaalfoneme langs mekaar te staan laat kom, vind een van die volgende vier prosesse plaas:

- (i) Die vokaalfoneme bly in die naasmekaargestelde posisies, elkeen met die behoud van sy oorspronklike fonetiese en fonemiese eienskappe.
- (ii) Die eerste van die twee foneme word gedevokaliseer en word die semi-vokaal /w/ of /y/ ¹⁾.
- (iii) Elisie van een van die foneme vind plaas. Daaronder word verstaan die blote weglating van die foneem.
- (iv) Die eerste foneem assimileer met die tweede. ²⁾

Elisie van vokaalfoneme in Kw. en Nd. is 'n algemene verskynsel omdat so 'n groot aantal morfeme met vokaalfoneme begin en eindig. In die meeste gevalle word die eerste van twee naasmekaargestelde vokaalfoneme geëlideer, terwyl elisie van die tweede vokaalfoneem ook somtyds plaasvind. Daar kan dus onderskei word tussen eindelisie en beginelisie.

126/.....

1) Vgl. Devokalisering, p.130.

2) Vgl. ook (ii), p.114 onder Assimilasie.

(a) Eindelisie:

- (i) Voor werkwoordagtervoegsels vind elisie van die eindfoneem /a/ van die werkwoordstam plaas. Benewens die gevalle wat reeds behandel is ¹⁾, kom elisie van /a/ ook nog voor in die vorming van die volgende:

Imperatief: -eni (mv.).

Kw. en Nd. londoni < londa 'opklim'.

Resiprokalis: -afan- (Kw.), -athan- (Nd.).

dengafana / dhengathana < denga/dhenga
'slaan'.

- (ii) Lokatiefvoorvoegsel: pu- 'by', ku- 'na-toe',
mu- 'in'.

Kw. en Nd. pomulonga < pu+omulonga 'rivier',
koskola < ku+oskola 'skool',
mondjila < mu+ondjila 'pad'.

(iii) Besitskakels:

Die eindfoneem /a/ van die besitskakel val weg voor die aanvangsvokaalfoneem van die daaropvolgende morfeem, bv.

Kw. en Nd. womukwetu < wa+omukwetu
'vriend',
shoshinima < sha+oshinima
'ding',

Kw. yongobe < ya+ongobe 'bees',
Nd. yongombe.

127/.....

1) Vgl. werkwoordagtervoegsels onder Assimilasie, p.112.

(iv) Voegwoorde:

Die eindfoneem /a/ van voegwoorde soos die volgende val weg voor 'n daaropvolgende aanvangsvokaalfoneem:

na 'met/en', nga 'net soos',
molwa/polwa 'ter wille van', bv.

Kw. en Nd. nembo < na+embo 'boek',
ngembo < nga+embo,
molwombili < molwa+ombili
'vrede'.

(v) Passief:

Waar ku 'deur' in die Passief gebruik word, volg dit dieselfde patroon as die lokatiewe ku hierbo, bv.

Kw. ohandi dengwa komulongi,
Nd. otandi dhengwa komulongi 'ek word
deur die onderwyser geslaan'.

(vi) Diminutiewe : -ona.

(1) Die eindfoneme /a/ en /e/ van die selfstandige naamwoord val weg voor die diminutiewe agtervoegsel -ona :

Kw. en Nd. okakambona (okakambwena, vgl.
Labialisering) < okakambe
'perd';

Kw. / Nd. okandjabona/okandjambona
< okandjaba/okandjamba
'olifantjie'.

As /w/ voor /a/ of /e/ staan, val /a/ of /e/ weg en /o/ van -ona > /e/ :

Kw. en Nd. okambwena < okambwa 'hondjie',
okangwena < okangwe 'luiperdjie';
Nd. okayuhwena < okayuhwa 'hoender-
tjie'.

(2) Die eindfoneem /i/ van die selfstandige naamwoord val weg voor -ona :

Kw. en Nd. okambishona < okambishi
'katjie';
Nd. okathimbithimbona (oka-
thimbithimbwena, vgl.
Labialisering) < oka-
thimbithimbi 'verkleur-
mannetjie';
Kw. onghoshona < onghoshi
'leeu'.

As /w/ voor /i/ staan, val /i/ weg en /o/ van -ona > /e/ :

Nd. okantunankwena < okantunankwi
'molletjie'.

(3) Die eindfoneem /o/ van die selfstandige naamwoord val weg voor -ona :

Kw. en Nd. okangolona < okangolo
'sebratjie';
Nd. okasinona < okasino
'eseltjie'.

- (vii) Die eindvokaalfoneem van die selfstandige naamwoord val weg voor die Intensief-agtervoegsel -elel-¹⁾:

Nd. eháhelela < ehahi 'meelsak';
Kw. ekuvelela < ekuva 'byl',
Nd. ekuyelela.

- (viii) Kenmerkend van die Perfektum, positief, is die suffigering van die foneem /a/ aan die onderwerpskakel. Die eindfoneem van die onderwerpskakel val dan weg :

Kw. en Nd. onda < ondi '1ste pers.,
ekv.'.

(b) Beginelisie :

- (i) Na die ontkenningismorfeem van die Kopulatief, nl. ha, vind elisie van 'n daaropvolgende aanvangsvokaalfoneem plaas, bv.

Kw. en Nd. hambo < ha embo 'dis nie 'n boek
nie',
haomeme < ha oomeme 'dis nie die
moeders nie',
haShikango < ha Oshikango 'dis nie
Oshikango nie';

Kw. hamukulunhu < ha omukulunhu,
Nd. hamunene < ha omunene 'dis nie 'n grote
nie'.

130/.....

-
- 1) Die intensiewe vorm van die Applikatief word ook aan selfstandige naamwoorde gesuffigeer om intensiewe vorme aan te dui.

(ii) Ook pa 'volgens' volg dieselfde reël as ha hierbo, bv.

Kw. en Nd. pambo < pa embo 'volgens die boek'.

Naas elisie van vokaalfoneme word elisie van konsonantfoneme ook in Bantoetale aangetref. In Kw. en Nd. kom dit slegs by hoë uitsondering voor, bv.

Kw. en Nd. naanaa < nawanawa 'baie goed';

Kw. olukaku olo 'daardie skoen' < olwo,
omulonga oo 'daardie rivier' < owo.

G. DEVOKALISERING (KONSONANTALISASIE)

Devokalisering of konsonantalisasie is die proses waar- tydens 'n vokaalfoneem sy funksie en individualiteit verloor en verander na 'n halfvokaal met konsonantiese funksie. Vokaalfoneme wat onderhewig is aan devokali- sering is hoofsaaklik /i/ en /u/ of /o/, terwyl die resultaat /y/ en /w/¹⁾ onderskeidelik is. Agtervokaal- foneme devokaliseer normaalweg tot /w/ en voorvokaal- foneme tot /y/.

Waar /i/ gevolg word deur 'n vokaalfoneem ander as /i/, en /u/ deur 'n vokaalfoneem anders as /u/, devokaliseer /i/ en /u/ tot die halfvokale /y/ en /w/ onderskeidelik

131/.....

1) Vgl. Halfvokale, p.76 e.v.

en vorm met die daaropvolgende vokaalfoneem een lettergreep. In die reël het devokalisering palatalisasie of labialisering ¹⁾ tot gevolg.

Devokalisering kom in die volgende omgewings voor:

(i) Perfektum van die werkwoord:

Wanneer die Perfektummorfeem -a na die eindfoneem /i/ of /u/ van die werkwoordstam gesuffigeer word, vind devokalisering plaas. Diachronies is dit moontlik om te bepaal hoe devokalisering plaasgevind het en van watter vokaalfoneem die betrokke halfvokaal 'n variant is, bv.

Kw. Ohandi i keumbo 'Ek gaan na die huis toe'.

Kw. en Nd. Onda ya (< i+a) keumbo (Perfektum).

Kw. Ohandi u 'Ek val'.

Onda wa (< u+a) (Perfektum).

Nd. Otandi gu 'Ek val'.

Onda gwa (< gu+a) (Perfektum).

(ii) Klasvoorvoegsels:

Devokalisering van die eindfoneme /i/ en /u/ van klasvoorvoegsels vind plaas wanneer dit gevolg word deur 'n vokaalstam met 'n aanvangsfoneem anders as /i/ en /u/ onderskeidelik, bv.

Kw. en Nd. omwimbi 'sanger' < omu-imba,

omwilwa 'fluitery' < omu-ilwa;

132/.....

1) Vgl. Palatalisasie, p.102, en Labialisering, p.118.

- (b) Met /e/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam :
Die vorm met die „verlengde” vokaalfoneem oortref dié met 'n kort vokaalfoneem met 50%, bv.

omw-eendi 'reisiger' teenoor
omw-endi < oku-enda 'om te kuier/reis'.

- (c) Met /i/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam :
Die twee vorme kan as gelykwaardig beskou word, bv.

omw-iimbi/omw-imbi 'sanger'
< oku-imba 'om te sing'.

- (d) Met /o/ as aanvangsfoneem van die werkwoordstam :
Die twee vorme kan as gelykwaardig beskou word, bv.

omw-oodhi/omw-odhi 'iemand wat mik'
< oku-odha 'om te mik'.

OPSOMMING:

TABEL X

OMU-PERSOONSKLAS

	<u>Lank</u>	<u>Kort</u>
/a/	58	39
/e/	60	40
/i/	48	52
/o/	49	51
/u/*	—	—
Gem.	54	46

* Nie van toepassing nie.

Daar is dus 'n neiging om die vokaalfoneem in die enkelvoud te verleng - veral by stamme met /a/ en /e/ as aanvangsfoneme.

Interessant is die vergelyking met Luganda ¹⁾ waar ook verlenging van vokaalfoneme aangetref word. Verbindings met /y/ en /w/ is kenmerkend van hierdie taal. Die vokaalfoneem wat op só 'n kombinasie volg, word verleng, behalwe wanneer dit die eindfoneem van die woordstam is. Dit word in die ortografie egter nie dubbel geskryf nie aangesien die verlenging onderhewig is aan fonetiese omgewing, as gevolg waarvan uitsonderings in sekere klasse aangetref word. In kyo < ki+o en gwo < gu+o is die vokaalfoneme in die halfvokaalkombinasies kort omdat hulle aan die einde van woordstamme voorkom. In kyabwe < ki+abwe en gwabwe < gu+abwe is die vokaalfoneme lank omdat hulle in die stamme voorkom.

Die moontlikheid van verlenging van vokaalfoneme in Ndonga (en in sommige gevalle in Kwanyama) kan soos volg verklaar word :

In woorde soos omu-elo ' 'n deur' is daar 'n neiging tot regressiewe assimilasie,²⁾ d.w.s., tot omeelo. (Hierdie en ander uitsprake soos okooko / okwooko 'arm', osheelo / oshielo ' 'n deur' word veral by kinders en jongmense gehoor).

135/.....

1) Ashton, E.O.: A Luganda grammar, pp. 8, 17.

2) Vgl. p.114, (11).

Maar omdat /u/ sy waarde „wil behou” - moontlik om die identiteit van die voorvoegsel te bewaar - laat hy hom geld deur 'n bilabiaale uitspraak omweelo.

In dieselfde woord omu-elo het /u/ in sy wese 'n bilabiaale karakter, en so ook die pre-prefiks /o/. Voordat die stam -elo egter geuiter word, is die mondposisie reeds bilabiaal. Word /u/ nou gevolg deur 'n anderssoortige foneem - in hierdie geval /e/ - is die gevolg die vorming van die halfvokaal /w/, veral daar die oorgang van /u/ tot /e/ vloeiend is, d.w.s. sonder glottale stop. Die verskynsel dat die daaropvolgende foneem /e/ verleng word, word deur sommige persone gesien as kompensasie. Die feit dat o-mu-e-lo in sy morfologiese vorm vierlettergrepig is, sou dan meebring dat nog 'n /e/ toegevoeg moet word om die lengte van die oorspronklike twee lettergrepe -mu-e te behou. Dan sou omweelo, die halfvokaal ten spyt, as o-mwe-e-lo bly bestaan.

Hierdie beskouing kan nie aanvaar word nie aangesien devokalisering van /i/ en /u/ tot /y/ en /w/ juis die inkorting van lettergrepe impliseer. Volgens die reël vir halfvokale trek /i/ en /u/ gevolg deur 'n daaropvolgende vokaalfoneem anders as /i/ of /u/ juis saam tot een enkele onverdeelbare lettergreep. Daarbenewens word die uitspraak van „verlengde” foneme nooit as afsonderlike lettergrepe waargeneem nie. Die vraag ontstaan verder waarom kompensasie vir die verlies van 'n lettergreep nie deurgaans, d.w.s. ook in ander klasse, aangetref

word nie, bv. olwaga 'brandsiekte', olwenge 'stronk-beweiding', olwiho 'gierigheid', okwenye 'warm, droë seisoen' waar die vokaalfoneem na die half-vokaal kort is.

Tussen die klasvoorvoegsels omi- en oo- (vgl. omi-ti 'bome' en oo-ngombe 'beeste') heers daar so 'n nou verband dat die onderwerpskakels, voorwerpskakels, besitskakels en voornaamwoorde in albei klasse identies is. Omdat die prefiksale /u/ voor 'n vokaalstam devokaliseer tot /w/¹, word die klasvoorvoegsel nouer met die stam verbind, bv. omwidhi 'gras', omwalu 'getal', omwelo ' 'n deur'.

Nou kan dit wees dat die bogenoemde invloed verder strek tot die enkelvoud asof die woorde met die voorvoegsel omw- tot die o-klas sou behoort. Dit sou dan aanleiding kon gee tot die oo-meervoud in plaas van die reëlmatige omi-meervoud, bv. oo-mwidhi, oo-mwalu (naas omi-(y)alu), oo-mwelo (naas omi-(y)elo). Afgesien daarvan dat dit geen vokaalstam het nie, is dit nogtans opvallend dat die woord omu-me 'dou', byvoorbeeld, gelyktydig in die omu- en die oo-klasse mag staan. So ook gebruik die woord omongwa 'sout' die skakels van die omu-klas nieteenstaande dit die /u/ of /w/ in die klasvoorvoegsel verloor het.

Tussen hierdie oorgangsverskynsel en foneemverlenging i.v.m. vokaalstamme waar die prefiksale /u/ verander

137/.....

1) Vgl. ook die klasvoorvoegsels in Gitonga :
mw- < mu-, gy- < gi-, my- < mi-.

tot /w/, kan moontlik 'n verband bestaan. Waar die kwasie-stam -mwele in 'n woord soos omwele 'Ovambo-mes' as die stam gevoel word, bly die aanvangsfoneem /e/ van die oorspronklike stam -ele kort omdat die klemtoon aan die begin van die kwasie-stam val. Sulke woorde sou dus drie-lettergrepig wees, nl. o-mwe-le. Waar die oorspronklike stam -imbi in 'n woord soos „omwiimbi” 'sanger' as die stam gevoel word, word die aanvangsfoneem van die stam beklemtoon, wat die verlenging daarvan kan veroorsaak.

Aangesien analogie so 'n belangrike verskynsel is, sou 'n mens kon aanvaar dat dit die rede is vir die ontstaan van soortgelyke vorme in ander klasse, bv. „olwaala” 'kleur', „okwooko” 'n arm'.

Gesien in die lig van die bogenoemde mag 'n mens wonder of hier werklik verlenging van die foneem plaasvind, en of dit nie slegs 'n skynbare verlenging as gevolg van klemtoon is nie.

Waar bestaande ortografieë wel gebruik maak van die halfvokale /y/ en /w/ in klasvoorvoegsels, onderskei dit duidelik tussen „verlengde” en kort vokaalfoneme in die stam, bv.

Kw. en Nd. omweenda 'kuiergas' < omu-enda,
 olweendo 'reis' < olu-enda,
 omwiimbi 'sanger' < omu-imba,
 okwiimba 'singery' < oku-imba,
 okwooko 'arm' < oku-oko;

Kw. / Nd. omwiidi/omwiidhi 'gras' < omu-idi/idhi;
 Nd. okwiidhenga 'om jouself te slaan'
 < oku-i-dhenga.

Kw. en Nd. omwali 'sogende moeder' < omu-ali,
olwenya 'veer' < olu-enya,
olwani 'gisting' < olu-ani,
okwena 'grot/gat' < oku-ena,
okwenye 'warm, droë seisoen'
< oku-enye;

Kw. omwifi 'rook' < omu-ifi;
Nd. omwiha 'middagete' < omu-iha.

In woorde van die bogenoemde soort vorm lang en kort vokaalfoneme geen fonologiese opposisie nie en is gevolglik nie distinkties nie.¹⁾ Om hierdie rede, en ook gedagtig aan probleme wat alternatiewe reeds in die ortografieë van ander Bantoetale geskep het, word dit aanbeveel dat die ortografie hier nie sal onderskei tussen kort en sogenaamde „verlengde” vokaalfoneme nie. Die vokaalfoneem na die halfvokaal kan deurgaans doeltreffend met 'n enkele simbool voorgestel word.

(iii) Intensiewe vorme van selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde gevorm deur die agtervoegsel -elela:

Kw. en Nd. ondudwelela 'ware toordokter'
< ondudu-elela,
oshikombwelela 'opregte bok'
< oshikombo-elela;

Nd. -pywelela 'baie warm' < -pyu-elela
(vgl. ook Palatalisasie).

139/.....

1) Vgl. ook p. 45.

(iv) Demonstratiewe in Kwanyama:

Devokalisering van /u/ vind plaas in die geval van pronominale stamme met /u/ as eindfoneem. Die vorming van Demonstratief II geskied deur die prefigering en suffigering van /o/ aan die pronominale stam, bv.

olukaku olwo 'daardie skoen' < o-lu-o,
omulonga owo 'daardie rivier' < o-u-o.¹⁾

In die vorming van Demonstratief III word -inya aan die pronominale stam gesuffigeer,²⁾ bv.
omulonga winya 'daardie rivier' < u-inya.

(v) Diminutiewe: Vgl. par. (iii), p.119 .

Omdat /i/ sy sillabiese waarde in die volgende gevalle behou, vind geen devokalisering plaas nie :

- (a) Die oshi-klas³⁾, aangesien /ʃj/ nie in die klankstelsel as foneemkombinasie kan voorkom nie, bv.

140/.....

1) Vgl. ook elisie van konsonantfoneme, p.130.

2) Vgl. ook par. (iii), p.122.

3) Vgl. ook par. (ii)(b), p.115.

Kw. oshiunda 'veekraal', oshiongalele 'vergadering',
oshionda 'geskenk aan 'n meisie as huweliks-
belofte'.

- (b) Die omi-klas, waar devokalisering van /i/ nie kenmerkend is nie. Veral in Nd. vind geen devokalisering plaas nie, maar 'n sterk neiging bestaan om 'n glyklank¹⁾ tussen twee vokaalfoneme te plaas, bv.

omi-(y)elo 'deure', omi-(y)alu 'getalle'.

- (c) Die Refleksiewe li- en i-, bv.

Kw. liombela 'siësta hou', lialula 'self omdraai';
Nd. i(y)opaleka 'self verbeter',
i(y)enyeka 'self verwarm'.

H. DISSIMILASIE

Dissimilasie is die proses waartydens twee foneme in naasmekaarstelling of in dieselfde omgewing oneenders gemaak word om hulle gemeenskaplike fonetiese kenmerke ongedaan te maak. Die proses kan beskou word as die teenoorgestelde van assimilasie.

Onder invloed van Dahl se wet²⁾ vind

141/.....

1) Vgl. ook par. (c), p.79.

2) Meinhof, C. & V. Warmelo, N.J. : Introduction to the phonology of the Bantu languages, p.16.

dissimilasie van konsonantfoneme in Ndonga plaas in gevalle soos oo-mbati 'ribbes', ekv. olu-pati ; o-nguta 'proviant' < kuta 'versadig raak'. Hierdie wet bepaal onder andere : Wanneer die eksplisiewe /p/, /t/ en /k/ in 'n daaropvolgende lettergreep gevolg word deur enige van hierdie drie, word die eersgenoemde stemhebbend.

In Kwanyama vind dissimilasie plaas volgens die „Wet van dissimilasie van Kwanyama” ¹⁾. Hierdie wet het betrekking op nasaalverbindings en lui soos volg : Wanneer twee opeenvolgende lettergrepe albei begin met 'n kombinasie van 'n nasaal en 'n daaropvolgende eksplosief, word die nasaal van die tweede kombinasie uitgelaat. Deur vergelyking met Ndonga en Herero blyk hierdie dissimilasie duidelik :

ongobe 'bees', Nd. en Her. ongombe,
ombabi 'duiker', Nd. en Her. ombambi,
ondado 'prys', Nd. en Her. ondando (vgl. oku-
landa 'om te koop'),
ondodo 'n trap', Nd. en Her. ondondo (vgl. oku-londa
'om te bestyg'),
ongadu 'krokodil', Nd. en Her. ongandu.

142/.....

1) Meinhof, C. & v. Warmelo, N.J. : Introduction to the phonology of the Bantu languages, p.184.

Die wet van dissimilasie word ook uitgebrei tot die verbinding /ndj/, bv.

ombadje 'jakkals' teenoor okavandje 'jakkalsie',
Nd. en Her. ombandje,

ondjabi 'beloning', Nd. en Her. ondjambi,

ondjebo 'geweer', Nd. en Her. ondjembo.

Wanneer die verbinding /ng/ die kombinasie van die tweede lettergreep vorm, is die wet nie van toepassing nie, bv. ombinga 'kant', ondenge 'jonger broer/suster'.

B Y L A A G

BRONNELYS

- ANONIEM : Etamenti lipe l'Omuene uetu Jesus
Kristus nomapsalme.
Britse en Buitelandse Bybelgenootskap,
Londen, 1927.
- do. : Etamenti lipe nomapsalme.
Britse en Buitelandse Bybelgenootskap,
Londen, 1903.
- do. : História Bíblica, Versão Kuanyama.
Tip. Missao da Huila, 1960.
- do. : Okambo kiitja.
Finse Sendinggenootskap, Helsinki, 1949.
- do. : Okambo kotete.
Finse Sendinggenootskap, Oniipa, 1935.
- do. : Omahepaululo ometestamenti likulu nolipe.
Finse Sendinggenootskap, Oniipa, 1965.
- do. : Omaimbilo gegongalo lya Kristus.
Finse Sendinggenootskap, Oniipa, 1949.
- do. : Omaindilo nomaimbulo ōngeleka.
Society for promoting Christian knowledge,
London, 1936.
- do. : Ombibeli ondjapuki mOshindonga.
Britse en Buitelandse Bybelgenootskap,
Londen, 1954.
- do. : Omukanda uomaimbulilo Mošikuanjama.
Bertelsmann, Gütersloh, 1929.
- do. : Omukanda uomaimbulilo mosikuanjama.
Lang, Tsumeb, 1917.
- do. : Oshela.
No.1, April, 1966.

- ANONIEM : Practical orthography of African languages (International African Institute, Mem. I).
Oxford University Press, Oxford, 1962.
- do. : The principles of the International Phonetic Association. International Phonetic Association, London, 1964.
- do. : Verslag van die Kommissie van Onderzoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962 - 1963.
Staatsdrukker, Pretoria, 1964.
- do. : Verslag van die Kommissie van Onderzoek na nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika. Deel 1, Inboorlingonderwys.
Windhoek, 1958.
- ASHTON, E.O. : A Luganda grammar.
Longmans, Cape Town, 1954.
- BRINCKER, P.H. : Lehrbuch des Oshikuanjama (Lehrbucher des Seminars für Orientalische Sprachen in Berlin, Bd.8).
Spemann, Berlin, 1891.
- COHEN, A. : The phonemes of English.
Nijhoff, The Hague, 1965.
- COLE, D.T. : An introduction to Tswana grammar.
Longmans, Cape Town, 1955.
- COULSON, J.,
et al. : Oxford Illustrated Dictionary.
p. (ix).
Clarendon Press, Oxford, 1962.
- DAVIDSON, A.B.
& Mc.FAYDEN,
J.E. : An introductory Hebrew Grammar.
pp. 4, 30.
Clark, Edinburgh, 1932.
- DE VILLIERS, M. : Afrikaanse klankleer.
Balkema, Kaapstad, 1965.
- DOKE, C.M. : Textbook of Zulu grammar.
Longmans, Cape Town, 1963.

- ENDEMANN, Th. : Some morpho-phonological changes incident with the phoneme combination CVV as observed in Northern Sotho. University College of the North, Pietersburg, 1964.
- FERREIRA, J.A. : Die fonemiese struktuur van die Sothotale. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1961.
- GLEASON, H.A. : An introduction to descriptive linguistics. Holt, New York, 1961.
- HAHN, C.H.L. : The Ovambo (The native tribes of South West Africa, pp. 1-36). Cape Times Ltd., Cape Town, 1928.
- JONES, D. : Differences between spoken and written language. International Phonetic Association. London, 1948.
- KURVINEN, P. : A B D Moshindonga. Finse Sendinggenootskap, Helsinki, 1877.
- LANHAM, L.W. : A study of Gitonga of Inhambane. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1955.
- LAURMAA, E. : Afrika juuningininomutenja. Finse Sendinggenootskap, Helsinki, 1949.
- LE ROUX, T.H. & PIENAAR, P.de V. : Afrikaanse fonetiek. Juta & Kie., Kaapstad, 1927.
- MEINHOF, C. & VAN WARMELO, N.J. : Introduction to the phonology of the Bantu languages. Augustin, Glückstadt, 1962.
- NAMUHUJA, H.D. : Uuyuni uukwanampinyuka. Finse Sendinggenootskap, Oniipa, 1963.
- PIKE, K.L. : Phonemics : a technique for reducing languages to writing. The University of Michigan Press, Michigan, 1963.

- SEIDEL, A. : Grammatik des Oshindonga (Praktische Grammatiken der Hauptsprachen Deutsch-Südwestafrikas, Nama, Otyiherero, Oshindonga, Tl.3). Leipzig, 1892.
- TIRRONEN, T.E. : Phonology of Ndonga (Mitteilungen des Instituts für Orientforschung, Bd.6, Tl.3). Akademie, Berlin, 1958.
- do. : Praktiese Ndonga. Finse Sendinggenootskap, Oniipa, 1960.
- TOBIAS, G.W.R. & : English-Kwanyama Dictionary. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1962.
- TURVEY, B.C.H.
- do. : Kwanyama Grammar and Syntax. Unpublished manuscript.
- TÖNJES, H. : Lehrbuch der Ovambo-Sprache Osikuanjama (Lehrbücher des Seminars für Orientalische Sprachen in Berlin, Bd.24). Reimer, Berlin, 1910.
- do. : Wörterbuch der Ovambo-Sprache Osikuanjama-Deutsch (Lehrbücher des Seminars für Orientalische Sprachen in Berlin, Bd.25). Reimer, Berlin, 1910.
- VAN EEDEN, B.I.C.: Zoeloe-grammatika. Die Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, Stellenbosch, 1956.
- VEDDER, H. : Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. John Meinert, Windhoek, 1937.
- WESTERMANN, D. & : Practical phonetics for students of African languages. Oxford University Press, Oxford, 1949.
- WARD, I.C.
- ZIERVOGEL, D. : A handbook of the Venda language. University of South Africa, Pretoria, 1961.
- & DAU, R.S.